DIE AFRIGTINGSEFFEKTIWITEIT VAN HOËRSKOOL CRAVENWEEKRUGBYAFRIGTERS

JAN LOUIS DU PLOOY PUTTER, B.A. Honns.

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in die Departement Menslike Bewegingskunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Leier : Mnr. P.P. du Toit

Potchefstroom
1996

VOORWOORD

Sedert die mens aan kompeterende sport begin deelneem het, het sportlui onophoudelik, en meer sistematies, gepoog om hulle prestasies te verbeter, nie net deur verbetering in tegnieke nie, maar ook deur te eksperimenteer met hulle dieët, hulle fisieke voorbereiding, en ook hulle psigiese kondisionering.

In enige sport speel die afrigter 'n belangrike rol in die voorbereiding van sportlui met betrekking tot al bogenoemde aspekte. Studies is gedoen oor die belangrikheid van die afrigter en daar is ook gepoog om 'n beeld van die "ideale" afrigter saam te stel. So het teorieë oor die beste afrigter se eienskappe die lig gesien.

Rugby is wêreldwyd 'n erkende en sosiaal ondersteunde sport. Veral in Suid-Afrika is die belangrikheid van rugby vir die nasie talle kere in die verlede beklemtoon. Die beeld van die "Springbok" is bekend en "gevrees". Dit het natuurlik 'n hoogtepunt bereik met Suid-Afrika se oorwinnig van die wêreldbeker in 1995.

Wat is die toekoms van rugby? Daar bestaan nie werklik twyfel daaroor nie. Rugby word reeds van 'n vroeë ouderdom af deur kinders beoefen, en daar val baie klem op die belangrikheid van die afrigter in die verband. Met hierdie ondersoek word gepoog om die effektiwiteit van hoërskool provinsiale rugby-afrigters in Suid-Afrika onder die soeklig te plaas ten einde sterkpunte en gebreke te identifiseer, en sodoende riglyne vir toekomstige afrigters te verskaf.

Graag bedank ek die volgende persone en instansies vir hulle onderskeie bydraes tot die suksesvolle voltooiing van hierdie studie:

- Mnr. P.P. du Toit, my studieleier, by wie basiese gedagtes grondliggend tot hierdie studie ontstaan het, en wat met sy onvermoeide perfeksionistiese benadering al meer en meer deure oopgemaak het. Sy ywer en kritiese deurdenking van die studie het werklik die wêreld van wetenskaplike navorsing eer aangedoen.

- My vader, prof. W.J. Putter, wat met sy rigtinggewende ondersteuning en motivering, werklik 'n steunpilaar was. Wat 'n voorreg om met wysheid gerig te word, en met ervaring berispe te word! Veral dank vir die ondersteuning gedurende die laaste fase waar die energie soms min, en die motivering soms onder verdenking was. Dankie pa!
- Die Departement Menslike Beweggingskunde van die Potchefstroomse Universiteit vir die geleenthede wat my gebied is om te ontwikkel in hierdie betrokke studieveld.
- Die RGN vir finasiële ondersteuning by wyse van 'n navorsingsbeurs.
- Die 440 Cravenweekspelers van 1992 wat so fantasties gereageer het op my skrywe aan hulle. Die persoonlike boodskappe was van besondere waarde.
- Mnr. Pirrow Engelbrecht (JR) van die departement Statistiek, P.U. vir C.H.O., vir sy waardevolle hulp met die statistiese verwerking van die data.
- Mej. Iona Redelinghuys vir haar begrip en geduld met die tikwerk en tegniese versorging van die werk.
- Mnr. P. Engelbrecht vir die proeflees van die verhandeling.
- Tertia, my wonderlike vrou, vir haar deurentydse ondersteuning en hulp.
- My moeder vir haar belangstelling en aanmoediging.

My opregte dank aan my ouers vir al die geduld en aanmoediging deur die loop van die studie. Hulle ondersteuning gedurende my studiejare sal my altyd bybly.

Laastens - Alle eer aan God vir die wonderlike voorreg om hierdie studie te kon voltooi, en vir gesondheid en verstand om hierdie werk die lig te kon laat sien.

Jannie Putter 7 Augustus 1996

THE COACHING EFFECTIVENESS OF HIGH SCHOOL CRAVENWEEK RUGBY COACHES

The aim of this study was to investigate the leadership effectiveness of high school Cravenweek rugby coaches, as evaluated by their players, and to determine their strong and weak points.

The Coach Effectiveness Questionnaire of Rushall and Wiznuk (1985) was used to evaluate the 22 provincial coaches of the 1992 high school Cravenweek rugby tournament. Questionnaires were sent to all 440 players who took part in the tournament, and 269 (61%) questionnaires were received back. The first series of statistical analysis were done to determine the average scores for each coach regarding each item and as a percentage out of 100. A second series of statistical analysis were performed to determine the t-values as well as the value of significance.

Taking all the data into account, it was found that Cravenweek coaches were significantly less effective with regard to their coaching effectiveness than the norm. The same was found with regards to all 36 coaching effectiveness items. With that in mind the following strong and weak points emerged from the results:

Strong points:

* Dedication towards the sport
* Communication with players
* Dresses appropriately
* Is strict
* Encourages athletes after a loss
* Has a sense of humour
* Is trustworthy
* Is respected by the players
* Sets a positive example at competitions

* Is sportsmanlike towards athletes at competitions
* Is sportsmanlike towards officials at competitions
* Provides organized training sessions
* Is in command during practice sessions
* Is concerned about athlete's health and safety
* Makes best use of available time
* Makes sure the athletes are prepared to compete
* Sets goals that are possible to achieve
* Indicates good and bad performance parts
* Knows when to use discipline

Danger areas:

* Is impatient
* Judgements are not always well thought-out
* Does not always give attention to each athlete
* Physical appearance is not always a good example
* Is not always interested in the player as person
* Does not always make athletes feel good about themselves
* Does not allow everyone's opinions to be known
* Does not always encourage social activities for athletes
* Does not always interact with each athlete at training
* Does not always know how to teach difficult skills
* Does not always attend clinics and workshops

Weak points:

* Is not interested in athletes schoolwork or occupation
* Does not encourage the keeping of logbooks
* Uses abusive and foul language

It was concluded on the whole that high school Cravenweek rugby coaches were not effective leaders as compared to the norm. Specific areas of weaknesses are present and need definite attention.

Using the findings of this study as a base, it is recommended that:

a) The findings of this study must be brought to the attention of SARVU's coaching committee and the management committee of the Cravenweek for high schools firstly to make them aware of the current state of coaching, and secondly encourage them to implement some of the following recommendations.

b) The findings of this study must be brought to the attention of coaches of primary, under 21- and senior rugby teams.

c) Taking into account the findings of this study, an educational coaching programme must be developed and scientifically tested.

d) Thereafter, the above mentioned coaching programme should be included in the development programs for rugby coaches in South Africa.

e) Rugby bodies responsible for the appointment of rugby coaches may consider using the coach evaluation questionnaire before doing so.

f) In order to evaluate rugby coaches, sport scientists may be used to evaluate different coaches on a regular basis.

Keywords:

- Rugby coaches
- Leadership
- Education
- Effectiveness
- Coaching

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD ii

ABSTRACT iv

INHOUDSOPGAWE vii

LYS VAN TABELLE xii

HOOFSTUK 1: PROBLEEM - EN DOELSTELLINGS 1

1.1 Inleiding 1

1.2 Probleemstelling 1

1.3 Doel van die studie 3

1.4 Hipotese 3

1.5 Vooruitskouing 3

1.6 Begripsomskrywing 4

HOOFSTUK 2: DIE SPORTAFRIGTER AS LEIER 6

2.1 Inleiding 6

2.2. Definisie van leierskap 8

2.3 Teorieë oor leierskap 10

2.3.1 Persoonlikheidstrek-teorie 10

2.3.2 Situasie-teorie 12

2.3.3 Kontingensie-teorie 13

2.3.4 Roete-doel teorie 15

2.3.5 Lewensiklus-teorie 16

2.3.. Multidimensionele teorie 16

2.4 Komponente van leierskap 18

2.4.1 Kwaliteite van effektiewe leiers 18

2.4.1.1 Vroeëre studies 18

2.4.1.2 Oorsig van rugbyskrywers se menings m.b.t. leierskapskwaliteite 19

2.4.1.3 Oorsig van navorsing m.b.t leierskapskwaliteite 19

2.4.2 Leierskapstyle 24

2.4.3 Redes vir deelname asook redes vir terminering van deelname by jeugdige kinders 25
2.4.3.1 Die mate van genot en satisfaksie wat ervaar word 26
2.4.3.2 Omstandigheidsfaktore 28
2.4.3.3 Die invloed van belangrike ander persone 29
2.4.3.4 Die rol van die afrigter 30
2.4.4 Persepsies van die afrigter 31
2.4.4.1 Sportlui se persepsies van hulle afrigters se effektiwiteit . . 33
2.4.5 Voorkeure van sportlui m.b.t. leierskap 34
2.5 Samevatting 36

HOOFSTUK 3: METODE VAN ONDERSOEK 37
3.1 Inleiding 37
3.2 Proefpersone 37
3.2.1 Keuse van die spelers 37
3.2.2 Keuse van die afrigters wat geëvalueer moet word 38
3.3 Meetinstrument 38
3.3.1 Keuse van die vraelys 38
3.3.2 Geldigheid en betroubaarheid van die vraelys 39
3.3.3 Gebruikswaarde van die vraelys 40
3.3.4 Wat meet die Coach Evaluation Questionnaire? 40
3.3.5 Verwerking van die resultate 41
3.3.6 Interpretasie van die resultate 41
3.4 Toetsprosedure 43
3.5 Statistiese verwerking 46

HOOFSTUK 4: AANBIEDING EN BESPREKING VAN DIE RESULTATE 47
4.1 Resultate 47
4.1.1 Oorsig van die resultate 47
4.1.1.1 Gemiddelde afrigtingseffektiwiteit van die 22 afrigters 47
4.1.1.2 Beduidendheid waarmee die afrigters se gemiddelde afrigtingseffektiwiteit van die norm verskil 51
4.1.1.3 Beskrywende statistiek van die 36 afrigtingskwaliteite 52

4.1.1.4 Beduidendheid waarmee die 36 afrigtingskwaliteite van die Cravenweekafrigters van die norm verskil 58
4.1.2 Resultate van die 36 afhanklike veranderlikes 60
4.1.2.1 Item 1 - Die afrigter se toegewydheid 61
4.1.2.2 Item 2 - Die afrigter se geduld 64
4.1.2.3 Item 3 - Die afrigter se kommunikasie 66
4.1.2.4 Item 4 - Die afrigter se taalgebruik 69
4.1.2.5 Item 5 - Die afrigter se kleredrag 71
4.1.2.6 Item 6 - Die afrigter as bron van motivering 73
4.1.2.7 Item 7 - Die afrigter se oordeel is wel begrond en deurdag 75
4.1.2.8 item 8 - Die afrigter se strengheid 77
4.1.2.9 Item 9 - Die mate waartoe die afrigter aan elke speler aandag gee 79
4.1.2.10 Item 10 - Die afrigter se aanmoediging na 'n neerlaag 81
4.1.2.11 Item 11 - Die fiesieke voorbeeld van die afrigter as voorbeeld om na te volg 83
4.1.2.12 Item 12 - Die afrigter se sin vir humor 86
4.1.2.13 Item 13 - Die mate waartoe die afrigter vertrou kan word 88
4.1.2.14 Item 14 - Die mate waartoe die spelers van die afrigter hou 90
4.1.2.15 Item 15 - Die mate waartoe die spelers die afrigter respekteer 93
4.1.2.16 Item 16 - Die afrigter se belangstelling in die speler as mens 95
4.1.2.17 Item 17 - Die mate waartoe die afrigter spelers laat goed voel oor hulleself 97
4.1.2.18 Item 18- Die mate waartoe die afrigter elke speler kans gee om sy mening te lug 100
4.1.2.19 Item 19 - Die mate waartoe die afrigter 'n positiewe voorbeeld stel tydens kompetisies 103

4.1.2.20 Item 20 - Die mate waartoe die afrigter se gedrag teenoor ander sportlui tydens kompetisies getuig van sportiwiteit en sportmangees 106
4.1.2.21 Item 21 - Die afrigter se sportiwiteit en sportmangees teenoor beamptes tydens kompetisies 109
4.1.2.22 Item 22 - Die mate waartoe die afrigter sosiale aktiwiteite by die spelers aanmoedig 112
4.1.2.23 Item 23 - Die mate waartoe die afrigter belangstelling toon in ander sake van die sportlui se lewe buiten sport . . 115
4.1.2.24 Item 24 - Die mate waartoe die afrigter se oefensessies georganiseerd en beplan is 118
4.1.2.25 Item 25 - Die mate van beheer wat die afrigter het tydens oefensessies 121
4.1.2.26 Item 26 - Die afrigter se besorgdheid oor die gesondheid en veiligheid van die spelers 123
4.1.2.27 Item 27 - Die afrigter se effektiewe gebruik van beskikbare tyd 126
4.1.2.28 Item 28 - Die mate waartoe die afrigter met al die spelers kommunikeer tydens oefensessies 129
4.1.2.29 Item 29 - Die mate waartoe die afrigter die spelers aanmoedig om rekord te hou van eie prestasies 132
4.1.2.30 Item 30 - Die afrigter maak seker dat die sportlui deeglik voorbereid is vir kompetisies 135
4.1.2.31 Item 31 - Die duidelikheid en verstaanbaarheid van die afrigter se instruksies 138
4.1.2.32 Item 32 - Die afrigter stel realistiese en uitdagende doelwitte 141
4.1.2.33 Item 33 - Die mate waartoe die afrigter wys op korrekte en verkeerde dinge wat gedoen word 144
4.1.2.34 Item 34 - Die afrigter se vermoë om moeilike vaardighede vir die spelers aan te leer 147
4.1.2.35 Item 35 - Die mate waartoe die afrigter klinieke en werkswinkels bywoon om op hoogte te bly met die

nuutste ontwikkelinge in die sport 150
4.1.2.36 Item 36 - Die afrigter se vermoë om dissipline op die regte tyd toe te pas 153
4.1.3 Samevatting 156
4.2 Bespreking van die resultate 160
4.2.1 Kommunikasievermoëns van die Cravenweekrugbyafrigters 160
4.2.2 Motiveringsvermoëns van die Cravenweekrugbyafrigters 161
4.2.3 Voorbeeldigheid van die Cravenweekrugbyafrigters 161
4.2.4 Kundigheid waarmee die Cravenweekrugbyafrigters oefensessies aanbied 162
4.2.5 Interpersoonlike verhoudinge van Cravenweekrugbyafrigters 162
4.2.6 Onderrigvermoë van Cravenweekrugbyafrigters 163
4.2.7 Handhawing van dissipline 163
4.2.8 Die afrigtingseffektiwiteit van Cravenweekrugbyafrigters 164

HOOFSTUK 5: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS . 166
5.1 Oriëntering 166
5.2 Samevatting van resultate 166
5.3 Gevolgtrekkings 168
5.4 Aanbevelings 170

BRONNELYS 171

BYLAES
A Vraelys en antwoordblad 187
B Eerste brief aan die Cravenweekspelers 193
C Tweede brief aan die Cravenweekspelers 195

LYS VAN TABELLE

TABEL

1 Kwaliteite van goeie leiers soos deur rugbyskrywers aangedui 20

2 Kwaliteite van effektiewe leiers soos deur navorsers aangedui 21

3 Aanduidings van die response van die verskillende spanne op die eerste brief, die tweede brief asook die totale aantal response 45

4 Beskrywende statistiek van die 22 Hoërskool Cravenweekrugbyafrigters se gemiddelde itemtellings soos geëvalueer deur hulle spelers 48

5 Rangorde van persentasietellings, persentasietellings van die verskillende afrigters, wedstryduitslae en aantal wedstryde gewen op die 1992 Cravenweek 50

6 Beduidenheid van die verskille tussen 22 Hoërskool Cravenweek-rugbyafrigters se gemiddelde persentasie m.b.t. afrigtingseffektiwiteit en die norm (100%) soos geëvalueer deur hulle spelers 52

7 Beskrywende statistiek van 22 Hoërskool Cravenweekrugbyafrigter se afrigtingseffektiwiteit soos geëvalueer deur hul spelers 54

8 Itemtellings met 'n waarde groter as 4.0 56

9 Itemtellings met waardes tussen 3.0 en 4.0 57

10 Itemtellings met 'n waarde kleiner as 3.0 57

11 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyafrigters se afrigtingseffektiwiteit t.o.v. 36 veranderlikes en die norm soos geëvalueer deur al die spelers 59

12 Die afrigter se toegewydheid aan die sport 61

13 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigters se toegewydheid en die norm 63

14 Geduld van die afrigter 64

15 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigters se geduld en die norm 65

16 Afrigter se kommunikasie met die atlete 66

17 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigters se kommunikasie en die norm 68

18 Die afrigter se taalgebruik 69

19 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigters se taalgebruik en die norm 70
20 Die afrigter se kleredrag 71
21 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigters se kleredrag en die norm 72
22 Die afrigter as bron van motivering 73
23 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigter se motivering en die norm 74
24 Die afrigter se oordeel is wel begrond en deurdag 75
25 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigter se oordele wat wel begrond en deurdag is en die norm 76
26 Die afrigter se strengheid 77
27 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigter se strengheid en die norm 78
28 Die mate waartoe die afrigter individuele aandag gee aan elke speler 79
29 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigter se aandag aan die individuele speler en die norm 80
30 Die aanmoediging van die afrigter na 'n neerlaag 81
31 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigter se aanmoediging na neerlae en die norm . . . 82
32 Die afrigter se fisieke voorkoms as voorbeeld 83
33 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigter se fisieke voorkoms as voorbeeld en die norm 85
34 Die afrigter se sin vir humor 86
35 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigter se sin vir humor en die norm 87
36 Die afrigter as betroubaar 88
37 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigter se betroubaarheid en die norm 89
38 Die mate waartoe die spelers van die afrigter hou 90

39 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van die mate waarvan hulle van hulle afrigter hou en die norm 92
40 Die mate waartoe die spelers die afrigter respekteer 93
41 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van die mate waartoe hulle die afrigter respekteer en die norm 94
42 Die mate waartoe die afrigter belangstel in die speler as mens 95
43 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van die mate waartoe die afrigter in die speler as mens belangstel en die norm 96
44 Die mate waartoe die afrigter spelers laat goed voel oor hulleself 97
45 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van die mate waartoe die afrigter die spelers laat goed voel oor hulleself en die norm 99
46 Die mate waartoe die afrigter toelaat dat almal hulle mening kan lug 100
47 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van die mate waartoe die afrigter toelaat dat almal hulle mening kan lug en die norm 102
48 Die mate waartoe die afrigter 'n positiewe voorbeeld stel tydens kompetisies 103
49 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van die mate waartoe die afrigter 'n positiewe voorbeeld stel tydens kompetisies en die norm 105
50 Die sportmanskap van die afrigter teenoor ander sportlui tydens kompetisies 106
51 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigter se sportmangees teenoor ander sportlui tydens kompetisies en die norm 108
52 Die afrigter se sportmanskap teenoor beamptes tydens kompetisies 109
53 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigter se sportmanskap teenoor beamptes tydens kompetisies en die norm 111

54 Die mate waartoe die afrigter sosiale aktiwiteite by die spelers aanmoedig 112
55 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van die mate waartoe die afrigter sosiale aktiwiteite aanmoedig en die norm 114
56 Die mate waartoe die afrigter belangstelling toon in ander sake van die sportlui se lewe 115
57 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van die afrigter se belangstelling in ander sake van die sportlui se lewe buiten sport en die norm 117
58 Die mate waartoe die afrigter se oefensessies georganiseerd en beplan is 118
59 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van die mate waartoe die afrigter se oefensessies georganiseerd en beplan is en die norm 120
60 Die mate waartoe die afrigter in beheer is tydens oefensessies 121
61 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van die afrigter se beheer tydens oefensessies en die norm . . 122
62 Die afrigter is besorg oor die gesondheid en veiligheid van die spelers . . 123
63 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigter se besorgdheid oor die veiligheid en gesondheid van die spelers en die norm 125
64 Die afrigter se effektiewe gebruik van beskikbare tyd 126
65 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigter se effektiewe gebruik van beskikbare tyd en die norm 128
66 Die mate waartoe die afrigter met al die spelers kommunikeer tydens oefensessies 129
67 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van die mate waartoe die afrigter met al die spelers kommunikeer tydens oefensessies en die norm 131
68 Die afrigter moedig die spelers aan om rekord te hou van hulle eie prestasies 132

69 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van die mate waartoe die afrigter die spelers aanmoedig om rekord te hou van hulle eie prestasies en die norm 134
70 Die afrigter maak seker dat sportlui deeglik voorbereid is vir kompetisies 135
71 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van die mate waartoe die afrigter sorg dat hulle deeglik voorbereid is vir kompetisies en die norm 137
72 Die duidelikheid en verstaanbaarheid van die afrigter se instruksies 138
73 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van die duidelikheid en verstaanbaarheid van die afrigter se instruksies en die norm 140
74 Die afrigter stel realistiese en uitdagende doelwitte 141
75 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van die mate waartoe die afrigter realistiese en uitdagende doelwitte stel en die norm 143
76 Die afrigter wys spesifiek op goeie en slegte dinge wat gedoen word ... 144
77 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van die mate waarin die afrigter spesifiek wys op die goeie en slegte dinge wat gedoen word en die norm 146
78 Die afrigter se vermoë om moeilike vaardighede te laat aanleer 147
79 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigter se vermoë om moeilike vaardighede aan te leer en die norm 149
80 Die afrigter woon klinieke en werkswinkels by om op die hoogte te bly met die nuutste ontwikkelinge in die sport 150
81 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van die mate waartoe die afrigter klinieke en werkswinkels bywoon om op die hoogte te bly met die nuutste ontwikkeling in die sport en die norm 152
82 Die afrigter se vermoë om dissipline op die regte tyd toe te pas 153
83 Beduidenheid van die verskille tussen Hoërskool Cravenweekrugbyspelers se evaluering van hulle afrigter se vermoë om dissipline op die regte tyd toe te pas

en die norm 155
84 Samevatting van hoërskool Cravenweekrugbyafrigters se afrigtingseffektiwiteit t.o.v. die 36 leierskapskwaliteite 157

HOOFSTUK 1

PROBLEEM- EN DOELSTELLINGS

1.1 Inleiding

Hierdie ondersoek handel oor die afrigtingseffektiwiteit van hoërskool Cravenweek rugbyafrigters in Suid-Afrika. Daar word spesifiek gefokus op die hoërskoolrugbyafrigter se afrigtersvermoëns.

Studies in die VSA toon dat by verre die meerderheid sportafrigters op hoërskoolvlak onderwysers is met geen sportafrigtingskwalifikasie nie (Rockwell, 1990; Sage, 1990). Die rede vir die ongesonde toestand is dat daar in die VSA geen lisensiëring of kwalifikasies ten opsigte van afrigting van onderwysesrs vereis word nie (Sisley & Wiese, 1987).

Verskeie sportwetenskaplike ondersoeke, waarin daar gefokus is op die afrigtingskwalifikasies van sportafrigters in Suid-Afrika, kom eweneens tot die gevolgtrekking dat die opgeleidheid van afrigters 'n knelpunt by meeste sportliggame van skool- tot nasionale vlak is (Botha, 1981; RGN, 1982).

Du Toit (1992) het in 'n ondersoek na die sportpsigologiese opgeleidheid van provinsiale rugbyafrigters gevind dat slegs 40% van alle provinsiale hoërskool rugbyafrigters een of ander vorm van opleiding in psigologiese voorbereiding van sportlui ontvang het. Die meerderheid afrigters het aangedui dat hul nog nooit enige opleiding daarin gehad het nie. Al die hoërskool rugbyafrigters het aangetoon dat hulle 'n behoefte het aan meer spesifieke leiding oor hoe om hul spanne op 'n meer wetenskaplike wyse te lei.

1.2 Probleemstelling

Sedert die vyftigerjare is verskeie studies onderneem waarin gefokus is op groepslede

se persepsie van hulle leiers se effektiwiteit in die militêre opset, die onderwys en die sakesektor (Cratty, 1981).

Een van die eerste ondersoeke wat in die verband in sport gedoen is, was dié van Percival (1971) waarin 382 Kanadese sportlui hulle afrigters se effektiwiteit ten opsigte van hulle persoonlikheid, kundigheid, afrigtingsmetodes en onderrigvermoëns geëvalueer het. Een van die vernaamste bevindinge van die ondersoek was dat afrigters 'n gunstiger opinie van hulle eie vermoëns huldig as wat hulle sportlui se persepsie van hulle afrigter se vermoëns is. Slegs 24% van die populasie het hulle afrigters se effektiwiteit positief beoordeel, terwyl 66% hulle afrigters negatief geëvalueer het. Daaropvolgende ondersoeke deur Stallard (1974), Curtin (1977) en Bird (1977) het ook bevind dat die afrigters se persepsies van hulle eie vermoëns betekenisvol hoër was as die persepsie wat die spelers van hulle gehuldig het.

In die lig van die bevindinge het navorsers ondersoek ingestel na die spesifieke voor- en afkeure van sportlui met betrekking tot hoe hulle verkies om afgerig te word (Minnesota High School League, 1975; Carron & Bennett, 1977; Danielson, 1978; Chelladurai & Saleh, 1978; Massimo, 1980; Rushall & Wiznuk, 1985; Weiss & Fredricks, 1986). Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat sportlui se persepsie van hulle afrigters grootliks afhang van hulle persoonlike verwagtings en voorkeure (Cratty & Pigott, 1984). Sou die afrigters dus kennis neem van die sportlui se afrigtingsvoorkeure en dan hulle afrigtingstyle dienooreenkomstig aanpas, kan dit bydra tot meer effektiewe leierskap (Curtin, 1977).

Op die stadium bied bovermelde literatuur waardevolle riglyne aangaande sportlui se voor- en afkeure betreffende afrigters se leierskap. So byvoorbeeld verkies sportlui dat afrigters op 'n positiewe opbouende wyse moet leiding gee, kundig moet wees, duidelik moet kommunikeer, dissipline streng maar regverdig moet toepas, buigsaam moet wees, leersame oefensessies moet aanbied, goed moet kan motiveer, opreg in elke deelnemer moet belangstel en 'n voorbeeld moet stel ten opsigte van sportmanskap, selfbeheersing en kleredrag (Cratty, 1984). Navorsing dui daarop dat die afrigter se leierskap in der waarheid bestaan uit verskeie onafhanklike dimensies (waaronder motivering, kommunikasie en persoonlikheidskwaliteite) wat gesamentlik 'n

geheelindruk bied van die afrigter se bekwaamheid en waarvolgens hy deur sy sportlui as "goed" of as "swak" beoordeel word (Chelladurai & Saleh, 1980).

In die lig hiervan, asook bestaande inligting, het Rushall & Wiznuk (1985) 'n sportspesifieke vraelys ontwikkel waarmee die effektiwiteit van die afrigter, soos geëvalueer deur sy sportlui, bepaal kan word. Die vraelys stel 'n mens verder in staat om die sterkpunte en gebreke in die afrigter se leierskap te identifiseer.

Die vraag wat met hierdie ondersoek beantwoord wil word, is hoe gunstig hoërskool Cravenweekrugbyafrigters vergelyk met die norm wat gestel word vir effektiewe leierskap in sport. Antwoorde hierop sal lig werp op die "gebreke" en "sterkpunte" van hoërskool Cravenweekrugbyafrigters. Sodanige inligting sal waardevol wees vir die toekomstige opleiding van hoërskool rugbyafrigters.

1.3 Doel van die studie

Die doel van die onderhawige ondersoek is :

- om vas te stel in watter mate hoërskool Cravenweekrugbyafrigters voldoen aan die eise vir effektiewe leierskap, en
- om te bepaal watter algemene sterkpunte en gebreke in die mondering van genoemde afrigters voorkom.

1.4 Hipotese

Die basiese hipotese van die ondersoek is dat hoërskool Cravenweekrugbyafrigters, soos geëvalueer deur hulle spelers, voldoen aan die norm wat gestel word vir effektiewe leierskap.

1.5 Vooruitskouing

In hoofstuk 2 word 'n literatuurstudie gedoen van die sportafrigter as leier. In hoofstuk 3 word die metode van ondersoek aangebied. Ten slotte word die empiriese ondersoek in hoofstukke 4 en 5 uiteengesit, die resultate daarvan geënterpreteer en op grond

daarvan sekere aanbevelings gemaak.

1.6 Begripsomskrywing

Die basiese konstrukte wat in hierdie studie gebruik word, word vervolgens kortliks omskryf:

- **Afrigtingseffektiwiteit**

Die begrip "afrigtingseffektiwiteit" verwys na die effektiwiteit waarmee die afrigter sy/haar afrigtingstaak verrig soos geëvalueer met behulp van die 36-item "Coach Evaluation Questionnaire" van Rushall & Wiznuk (1985). Die 36 items verteenwoordig leierskapskwaliteite waaroor sportafrigters verkieslik moet beskik ten einde hul afrigtingstaak op 'n effektiewe wyse te verrig.

- **Leierskap**

Leierskap kan gedefinieër word as die vermoë waaroor 'n persoon beskik om 'n groep te beïnvloed om tesame na 'n sekere doel te werk. Hierdie persoon inisieer en koördineer groepwisselwerking. Op so wyse bring hy die grootste verandering in die groep se prestasie teweeg. Sy is ook die persoon wat die besluite wat geneem word, behartig, en die groep lei na gesamentlike doelwitstelling.

- **Afrigter/Afrigting**

Gesien in die lig van die meetinstrument wat in die ondersoek gebruik is, dui die operasionele definisie van die begriip "afrigter" op 'n persoon wat sportlui onderrig in die bemeestering en toepassing van bepaalde sportvaardighede deur middel van verskillende inoefeningsmetodes. Ten einde sy/haar afrigtingstaak effektief te verrig moet die afrigter nie net oor die kennis van die spel beskik nie maar ook onder andere sy/haar kennis effektief kan oordra, oor goeie interpersoonlike vaardighede beskik, sportlui kan aanmoedig en inspireer en dissiplineer op 'n streng dog billike wyse kan handhaaf. (Rushall & Wiznuk,1985).

- **Cravenweek**

Cravenweek is 'n nasionale rugbyweek waar provinsialevinsiale skool rugbyspanne van Suid-Afrika teen mekaar meeding.

HOOFSTUK 2

DIE SPORTAFRIGTER AS LEIER

2.1 INLEIDING

Leierskap is waarskynlik een van die omvattendste navorsingsvelde in die bedryfs- en personeelpsigologie (Murray, 1986). Baie modelle van leierskap is voorgestel, ontwikkel en getoets en die belangstelling en aktiwiteit in hierdie navorsingsgebied is steeds besig om te groei (Chelladurai, 1984).

In kontras hiermee, was die studie van leierskap in die sportkonteks tot en met die tagtigerjare sporadies en oppervlakkig (Ball, 1975; Black & Weiss, 1992; Danielson, Zelhart & Drake, 1975; Gould, 1988; Martens, 1990; Weiss & Fredricks, 1986). Straub (1980:1) sluit hierby aan as hy verklaar:

"Although a study by Stogdill (1974) produced more than 3000 references, there is a paucity of research and conceptual literature about sport leadership. In fact, many of the recent texts in sport psychology do not even mention the term. Leadership is by far one of the forgotten variables in sport psychology research."

Martens (1987: 33) ondersteun Straub (1980) hierin as hy verklaar:

"While reading through massive literature of leadership, I gained two impressions. First, the leadership literature in psychology, including sport psychology, contains pounds of pulp and ounces of information. Never have so many said so much to tell us so little. And second, the essence of leadership, what sets it apart from other human processes, is ill conceived in psychology".

Die wetenskaplike bestudering van leierskap in die sportsituasie het eers werklik onder die soeklig gekom gedurende die afgelope 15 jaar (Weiss & Fredricks, 1986). Baie van die vroeëre ondersoeke het gefokus op die persoonlikheid van die afrigter,

persoonlikheidsverskille wat bestaan en die afrigter-sportman-verhouding (Weiss & Fredricks, 1986).

'n Oorsig oor sportverwante leierskapsnavorsing gee meer insig oor die belangrikheid en ook die leemtes met betrekking tot effektiewe leierskap in die sportmilieues. Eerstens word sekere gedrag in verband gebring met positiewe prestasies (bv. tegniese instruksies) en tweedens kan sekere gedrag weer in verband gebring word met die mate van satisfaksie wat die sportman ervaar (bv. versterking, ondersteuning en aanmoediging) (Weiss & Friedrichs, 1986).

Navorsers het ook duidelik uitgewys dat situatiewe verskille geïdentifiseer moet word by die analise van die leierskapsproses van sportafrigters. Hierdie verskille was in die verlede te maklik geïgnoreer om rede dit eenvoudiger navorsingsprojekte verseker het (Hersey & Blanchard, 1977; House & Dressler, 1974, Carron, 1980; Chelladurai, 1984; Weiss & Friedrichs, 1986).

Leierskap is waarskynlik een van die aspekte wat die meeste bespreek word, maar die minste verstaan word (Case, 1980). Die leierskapstyle van afrigters soos Knute Rockne, John Wooden, Vince Lombardi, Tom Landry, Woodey Hayes, Bobby Knight, Billy Martin en Herb Brooks is as dikwels die onderwerp van bespreking in die massamedia. In Suid-Afrika kan die onlangse veranderinge van die afrigter van die Springbok-rugbyspan van John Williams na Ian McCintosh na Kitch Kristy ook as belangrike mediagebeure uitgelig word. Met die uitsondering van politici het min individue 'n meer duidelike leierskapsposisie as juis die sportafrigter (Case, 1980). Ongelukkig het mites en foutiewe persepsies, die professie van sportafrigter vir baie jare omring. Gedurende die 70's het Scott (1971), Shaw (1972) en Meggyesy (1971) die afrigter geskets as outokraties, outoritêr en onpersoonlik. In teenstelling hiermee het Coackley (1978) beweer dat dié stellings gebaseer is op fiksie en nie op feite nie.

Inligting wat ingewin word aangaande leierskap in die sportopset kan waarskynlik ook met vrug op ander gebiede aangewend word. Die siening dat leierskapseffektiwiteit 'n funksie is van beide situasionele en individuele karakteristieke het reeds vroeg algemene aanvaarding begin kry (Gibb, 1969). Hierdie interaksie-benadering het

gestalte gekry in 'n verskeidenheid van teorieë en modelle wat ontwikkel is (Fiedler, 1967; Evans, 1970; House & Dressler, 1974; Chelladurai, 1980; Chelladurai & Carron, 1978).

2.2 DEFINISIES VAN LEIERSKAP

'n Bestudering van leierskapsliteratuur toon dat daar uiteenlopende definisies bestaan vir die term "leierskap".

Definisies van onder andere Bennis & Nanus, 1985; Cattell, 1965; Chelladurai, 1980; Cratty, 1981, 1983; Dubin, 1951; House, 1971; Kroon, 1990; Loy, 1969; Martens, 1987; Richards & Greenlaw, 1966; Straub, 1978, is bestudeer en die volgende algemene faktore rakende leierskap is daaruit verkry:

Cratty (1983) beweer dat 'n leier die persoon is wat die naaste daaraan kom om te besef watter waardes en norme die belangrikste is vir die groep. Hy is op so 'n manier in staat om die harte van sy volgelinge te wen. Hierdie konformiteit gee aan hom die rang wat die meeste mense aantrek en veronderstel dat hy die reg tot kontrole oor die groep het. Hy beweer dat die effektiwiteit van 'n leier grootliks afhang van die persepsie wat die groepslede van hom in sy posisie van status het, asook sy vermoëns en sy persoonlike attribute.

Martens (1984) beweer dat leierskap die persoonlikheidsvermoë is waardeur 'n persoon op 'n skeppende en dienende wyse groepwisselwerking en groepwerksaamheid binne bepaalde situasies stimuleer, rig en koördineer op grond van groepsdoelstellings met die oog op die uiteindelike verwesenliking daarvan. In aansluiting hierby beweer Chelladurai (1980) dat leierskap die proses van beïnvloeding van volgelinge is tot 'n spesifieke doel wat deur die leier gekies word en waar die leier die groep "vorm" deur middel van beloning en straf. Die proses van beïnvloeding word ook ondersteun deur Cratty (1981) en Richards & Greenlaw (1966).

'n Verdere punt wat uitgelig word, is dat die sukses van 'n groep of onderneming heel dikwels na die aanwesigheid / afwesigheid van goeie leierskap teruggevoer kan word.

By leierskap is individuele aandag, begrip, geloof, empatie en sorg belangrike elemente (Kroon,1990).

Die hoofelemente van leierskap wat uitgelig word deur bogenoemde navorsers se definisies te bestudeer, is dat die leier iemand is wat die groep beïnvloed om tesame na 'n sekere doel te werk. Hy inisieer en koördineer groepwisselwerking. Op so wyse bring hy die grootste verandering in die groep se prestasie teweeg. Hy is ook die persoon wat die besluite wat geneem word behartig, en die groep lei na gesamentlike doelwitstelling. Hierdie persoon is ook verantwoordelik vir die beloning en straf van die groeplede. Leierskap is 'n vorm van dominansie waar die volgelinge gewilliglik die leiding en kontrole van die leier aanvaar. Loy (1969: 80) beweer onder andere:

"Notwithstanding the several polemic perspectives about autocratic leadership of coaches, only a few empirical investigations have examined the leadership behavior of coaches".

Uit die sienings van bogenoemde navorsers, kan die volgende hoofelemente geïdentifiseer word om 'n samevattende definisie daar te stel:

* Proses van beïnvloeding
* Situatiewe en persoonlikheidsfaktore
* Doelwitnastrewing
* Konformiteit van belange en norme (interaksie)
* Persoonlike verhoudinge
* Effektiewe benutting van bronne
* Beloning en straf
* Motivering

Hiervolgens kan leierskap gedefinieer word as die proses van beïnvloeding van groepslede op 'n positiewe wyse (waar individuele verskille in ag geneem word en omgesien word na individuele behoeftes), en waar die leier as katalisator en rigtingwyser optree en in staat is om alle beskikbare bronne effektief te benut ter bereiking van die doelwitte van die groep. Groepslede aanvaar gewilliglik die leier in die betrokke situasie.

2.3 TEORIEË OOR LEIERSKAP

Deur die jare het verskeie navorsers gepoog om 'n alomvattende teorie vir leierskap te ontwikkel (Bird, 1977; Carron & Bennett,1977; Chelladurai,1978; Chelladurai & Carron, 1978; Chelladurai & Saleh, 1980; Danielson, 1978; Danielson, Zelhart & Drake, 1975; Fiedler, 1967; Gainter, 1976; Hemphill & Coons, 1957; Hendry, 1969; Hersey & Blanchard, 1979; Incoing, 1974; Loy, 1969; Lowry, 1972; Ogilvie & Tutko, 1966; Penman, 1974; Robbins, 1980; Schutz, 1958, 1966; Shaver, 1975; Sherif & Sherif, 1969; Weiss & Friedrichs, 1986). Vervolgens gaan enkele van die mees toonaangewende teorieë, in die volgorde waarin die teorieë min of meer hulle ontstaan gehad het, bespreek word.

2.3.1 Persoonlikheidstrek-teorie

Die basiese uitgangspunt van die Trek-teorie is dat leiers sekere aangebore of aangeleerde fisieke en psigiese karakteristieke het wat hulle onderskei van dié mense wat nie leiers is nie (Case, 1980). Hierdie teorie het die veld van navorsing gedomineer in die tydperk tussen die Eerste en die Tweede Wêreldoorloë. Ongelukkig het die meeste studies tekort geskiet aan betroubare resultate (Carter & Nixon, 1949; Gibson, Ivancevich & Donneley, 1976; Stogdill, 1959).

Een van die vroegste studies wat gehandel het oor die persoonlikheidstrekke van die sportafrigter was die studie van Ogilvie & Tutko (1966) waarin hulle die persoonlikheidsprofiele van vier-en-sestig afrigters van verskillende bekende sportsoorte ondersoek het. In die studie wys hulle daarop dat afrigters as 'n groep 'n persoon verteenwoordig wat hoogs prestasie-gemotiveerd, dominerend, georganiseerd, konsensieus, volhardend en emosioneel stabiel is.

Hendry (1968) het die Cattell 16-PF persoonlikheidsvraelys gebruik om die persoonlikheidstrekke van ses-en-vyftig amateur swemafrigters te bepaal. Hy beweer dat die afrigters almal slim, aggressief, angstig en onseker was. In 'n opvolgstudie het Hendry (1969) geen betekenisvolle verskille gevind tussen dertig "suksesvolle"

swemafrigters en 'n groep "minder suksesvolle" afrigters nie. Hendry (1969) ontwikkel die teorie verder deur die menings van afrigters en sportmanne in ag te neem en sekere persoonlikheidstrekke van die "ideale afrigter" saam te stel.

Die ideale afrigtersprofiel wat hy saamgestel het, sien so daaruit: 'n stabiele, uitgaande persoon wat in 'n sekere mate die sportsituasie, asook die sportlui onder sy beheer, kan domineer. Verder is die persoon hoogs intelligent, realisties, prakties en selfversekerd. Die persoon is in staat om inisiatief te neem en gewillig om tradisies te verbreek. Verder kan die persoon maklik besluite neem en beskik hy oor 'n selfgeldende geaardheid. Sportlui voel dat die afrigter 'n persoon moet wees op wie hulle kan steun in 'n noodsituasie, terwyl afrigters hulself sien as mense wat in staat moet wees om te kan organiseer en beheer uit te oefen (Hendry, 1969).

Hendry (1972) het in 'n latere studie aangetoon dat afrigters meer aggressie en outoriteit vertoon en dat hulle geniet om die fokuspunt van aandag te wees. Ogilvie en Tutko (1966) het ook deur 'n studie op afrigters twee hoof karaktertrekke aan die sportafrigter toegeken, nl. 'n outokratiese benadering en 'n mate van rigiditeit.

Tutko en Richards (1971) beweer dat die meeste afrigters as leiers glo in streng dissipline, ekstrinsieke motivering, rigiditeit t.o.v. reëls en 'n onpersoonlike benadering tot sportlui. Hulle skets die afrigter as hardkoppig en outokraties.

Penman (1974) bestudeer outoritêre afrigtingstyle. Hy beweer dat:

"the more successful coaches were more autoritarian than the less successful coaches" (Penman, Halstad & Cords, 1974).

Hemphill en Coons (1957) identifiseer net soos Penman, Halstad en Cords, kenmerkende gedrag van afrigters.

Hastad (1972) vind egter in sy studie van sportafrigters dat daar geen betekenisvolle verskil bestaan tussen "meer suksesvolle afrigters" en "minder suksesvolle afrigters" met betrekking tot die mate van outoriteit wat hulle persoonlikheid vertoon nie.

Bogenoemde Trek-teorie ignoreer egter belangrike aspekte soos situatiewe faktore en behoeftes van die sportmanne (Chelladurai & Carron ,1978). Navorsers het later gepoog om sekere gedrag te identifiseer wat kenmerkend is van suksesvolle afrigters. Alhoewel kenmerkende gedrag van die afrigter voorkom by suksesvolle sportlui is dit duidelik dat situatiewe verskille (bv. vlak van deelname, ouderdom van die sportman, tipe sport, ens.) die effektiwiteit van die afrigter beïnvloed (Weiss & Friedrichs, 1986).

2.3.2 Situasie-teorie

Die Situasie-teorie is gebaseer op die hoeveelheid rigting (taakgerigte gedrag) en die hoeveelheid sosio-emosionele ondersteuning (mensgerigte gedrag) wat 'n leier moet verskaf in 'n gegewe situasie m.b.t. die vlak van "volwassenheid" van die volgelinge. Hersey & Blanchard (1977:163) beskryf dit as volg:

"..as the level of maturity of their followers continues to increase in terms of accomplishing a specific task, leaders should begin to reduce their task behaviour and increase relationship behaviour until the individual or group reaches a moderate level of maturity. As the individual or group begins to move into an average level of maturity it becomes appropriate for leaders to decrease not only task behaviour but also relationship behaviour".

Fiedler (1967) en House (1971) neem sekere situatiewe faktore in hulle studies in ag, soos byvoorbeeld die leier-sportman-verhouding en die struktuur van die taak. Hulle maak egter meestal gebruik van die afrigter se perspektief oor leierskap. Hierdie leemte is uitgelig deur 'n stelling van Carron en Bennett (1977:672) waar hulle meld:

"Inherent in any conclusion about coach-athlete compatibility based on the coach's personality traits, attitudes, and/or values is one major shortcoming - the athlete is treated as a virtual non-participant in the relationship, the factor of interaction is ignored. An accurate assessment of the factors contributing to, or detracting from coach-athlete compatibility must take into account the needs, involvements and contributions of both".

Die Situasie-teorie veronderstel dat leiergedrag, om effektief te bly, sal verander na

gelang van die deelnemers se ontwikkeling. Hersey en Blanchard (1979:98) beweer die volgende in dié verband:

"...effective teaching of lower division students (freshmen and sophomores) has been characterized by structured behaviour on the part of the teacher as he reinforces appropriate patterns in attendance and study habits, while more relationships behaviour seems to be appropriate for working with upper division undergraduates and Master's students. And finally the cycle seems to be completed as a teacher begins to work with Ph.D. candidates, who need very little guidance or socio-emotional support".

Die leier poog om deur tweerigtingkommunikasie en -ondersteuning, die volgeling so te beïnvloed dat hy sal saamstem met die besluite en doelwitte (Hersey & Blanchard, 1979).

Situatiewe teorieë, in kontras met die Trek-teorie poog om beide die gedragsattribute, sowel as die situatiewe faktore te betrek by die bepaling van effektiewe leierskap. Faktore wat bestudeer is, is onder andere: persoonlikheid van die leier, vereistes van die taak (vir leier en volgeling), karakteristieke van die volgeling (bv. ouderdom, psigologiese volwassenheid, ens.), houdings, behoeftes, verwagtinge van groepslede en die fisiese omgewing waarbinne leierskap plaasvind (Case, 1980).

2.3.3 Kontingensie-teorie

Fiedler (1967) beweer dat leierskap uit drie elemente bestaan, naamlik

- die leier-volgeling verhouding,
- die taakstruktuur, en
- die mag van die leier.

Hierdie teorie veronderstel dat die leier moet verander om by die situasie aan te pas. Leierskapstyl is afhanklik van die verhouding tussen die drie elemente wat genoem is.

Volgens hierdie teorie word leiers as òf taakgeoriënteerd en outokraties òf mensgeoriënteerd en demokraties beskou. Sekere situasies sal meer voordelig wees

vir die een tipe leier as vir die ander tipe. Die hoofaanname van hierdie teorie is dat taakgeoriënteerde leiers meer effektief sal wees in baie gunstige sowel as in baie ongunstige situasies en dat die mensgeoriënteerde leier meer effektief sal wees in gemiddeld gunstige situasies vir prestasie (Fiedler 1967).

'n Paar studies wat hierdie teorie in die sportsituasie getoets het, het dit nie ondersteun nie (Bird, 1977; Danielson, 1978; Gainter, 1976; Gilbert, 1976; Incoing, 1974; Lowry, 1972; Van der Velden, 1972). Daar is vier basiese punte van kritiek teen hierdie teorie. Eerstens is gevra wat die meetinstrument wat Fiedler (1967) in sy studie gebruik het werklik meet. In die vroeë ontwikkeling van die teorie het Fiedler gemeen dat hy die persoonlikheid van die leier meet. Later het dit verander en hy het veronderstel dat die meetinstrument die vlak van motivering van die individu bepaal.

In die tweede plek het nog 'n aantal navorsers (Graen, Alvares, Orris & Martella, 1970) beweer dat die situatiewe kwadrante wat deur Fiedler voorgestel word, gepaardgaande met sy voorspellings oor die effektiwiteit van leierskap in elk, nie deur hulle studies ondersteun word nie.

Derdens word beweer dat Fiedler se model nie werklik die verband tussen die leier en die situatiewe faktore in ag neem nie (Iancevich, Szilayi & Wallace, 1977).

In die vierde plek beweer die teorie dat 'n leier òf taakgeoriënteerd òf mensgeoriënteerd is. Navorsing wat gedoen is by die Ohio State University en ander universiteite het konstant aangetoon dat sekere dimensies van leierskap soos die inisiëringstruktuur, asook konsiderasie wat die leier toon, in beide tipes leiers kan bestaan in 'n gegewe leierskapsituasie (Case, 1980). Met ander woorde, navorsing het getoon dat 'n leier beide taak- en mensgeoriënteerd kan wees, variërend van laag tot hoog in elke kwadrant (Case, 1980).

Die hoofkritiek teen hierdie teorie is dat dit saamgestel is in toestande waar die situatiewe faktore weinig verskil het. In die aanwesigheid van verskille in situatiewe faktore kan hierdie teorie nie effektief getoets word nie (Chelladurai & Carron, 1978).

Ten spyte van die kritiek het die Kontingensie-teorie 'n groot bydrae tot die studie van leierskap gelewer. Waarskynlik die belangrikste bydrae was die feit dat dit situatiewe faktore in die teoretiese raamwerk geïnkorporeer het. Dit het die tafel gedek vir verdere navorsing op hierdie gebied.

2.3.4 Roete-doel teorie

House (1971) het die grondslag gelê vir hierdie teorie waarna dit deur House en Dressler (1974) verder ontwikkel is. Diè teorie veronderstel dat die leier die volgeling deeglik moet inlig oor die standaarde wat gehandhaaf moet word, watter doelwitte bereik moet word en hoe dit bereik moet word.

Die leier ruim struikelblokke uit die weg en skep die geleentheid vir die volgeling, sodat laasgenoemde vergoed kan word (House & Dressler, 1974).

Die naam "Roete-doel" het ontstaan omrede dit fokus op die wyse waarop die leier die volgeling se persepsie van werksdoelwitte, selfontwikkelingsdoelstellings en die pad na die bereiking van die doel beïnvloed. Die basis van die teorie is gesetel in die motiverende rol van die verwagtinge wat geskep word. Twee basiese aannames word gevolg:

- Die leier se funksie is bloot aanvullend (House, 1971). Dit beteken die leier is effektief tot die mate waartoe hy die volgeling onderteuning, leiding en beloning kan verskaf. House en Dressler (1974:31) som dit as volg op:

  "...the motivational function of the leader consists of increasing pay-offs to subordinates for work-goal attainment, and making the path to these pay-offs easier to travel by clarifying it, reducing road blocks and pitfalls, and increasing the opportunities for reducing satisfaction en route".

- In die tweede plek word beweer dat die motiverende invloed van 'n leier bepaal word deur die spesifieke situasie waarbinne die leier figureer (House, 1971). Hierdie situasie word bepaal deur twee hooffaktore, naamlik karakteristieke van

die volgelinge en die eise wat die omgewing stel, plus die druk wat dit op die volgeling uitoefen.

Volgens dié model is leierskap aanvaarbaar vir die volgeling tot die mate waartoe die volgeling dit assosieer met onmiddellike of toekomstige satisfaksie (behoeftebevrediging). Faktore wat volgelinge in die sin kan beïnvloed is o.a. die taak, die formele outoriteit van die sisteem of organisasie en die werksgroepe waarbinne die persoon val. Hierdie faktore kan motiverend of inhiberend op die individu se motivering en prestasie inwerk (Case, 1980).

2.3.5 Lewensiklus teorie

Hersey en Blanchard (1982) ontwikkel die lewensiklus-teorie wat basies net 'n verlengstuk is van die situatiewe teorie. Hier word veronderstel dat 'n groep deur 'n aantal "groeifases" beweeg en dat elke fase 'n ander benadering van die leier vereis. Die groep word eers beskou as onvolwasse (taakgeoriënteerde benadering word vereis) waarna dit groei tot volwassenheid (mensgeoriëteerde benadering word vereis).

Daar word ook baie klem gelê op 'n goeie balans tussen beide benaderings waar leierskap moet aanpas by die "volwassenheid" van die groep. Volwassenheid word gedefinieer as 'n begeerte om te presteer en 'n gewilligheid om verantwoordelikheid te aanvaar en eienskappe van taakverwante bekwaamheid en ondervinding. Hierdie teorie ondersteun die die Multidimensionele teorie van Chelladurai en Carron (1978).

2.3.6 Multidimensionele teorie

Carron en Bennett (1977) het die oorsake van afrigter- sportman-verenigbaarheid ondersoek deur gebruik te maak van die fundamentele interpersoonlike verhouding-oriëntasie-gedrag en die meegaande evalueringskaal van Schutz (1958, 1966). Hierdie teorie maak voorsiening vir die meting van verenigbaarheid van behoeftes en gedrag tussen die leier en elke individuele sportman. Die multidimensionele teorie impliseer basies drie fasette van leierskap naamlik: a) werklike gedrag van die leier, b) gedrag soos verkies deur die volgelinge (sportlui) en c) gedrag wat van die leier verwag word.

Die bepalende elemente vir sukses as leier, is die karaktereienskappe van die leier, die karaktereienskappe van die volgelinge (sportlui) en die karaktereienskappe van die betrokke situasie. Die basiese uitgangspunt van hierdie teorie is dat die prestasie en die satisfaksie van die groep 'n direkte gevolg is van die kongruensie wat bestaan tussen die drie fasette (Chelladurai, 1978; Chelladurai & Carron, 1978).

Schutz (1958, 1966) gaan van die veronderstelling uit dat die mens 'n behoefte het om drie tipes gedrag te openbaar, sowel as om dit te ontvang. Dit is :

i) Insluiting: die behoefte om met ander te assosieer en dat ander mense met jou sal assosieer.

ii) Beheer: die behoefte aan wedersydse respek veral in besluitnemingsprosesse.

iii) Affeksie: die behoefte om van ander mense te hou en om te voel dat ander mense van jou hou, om sodoende beter interpersoonlike verhoudings met ander mense te hê.

Carron en Bennett (1977) vind dat die mate van verenigbaarheid (situasie wat bestaan indien die gedrag wat een persoon openbaar in ooreenstemming is met die gedrag wat 'n ander persoon wil ontvang) hoofsaaklik bepaal is deur die insluitingsdimensie tussen afrigter en sportman. Hulle beweer dat indien die insluitingsdimensie nie bestaan tussen 'n afrigter en 'n sportman nie, die kontrole en affeksiedimensies nooit sal plaasvind nie.

'n Sportverwante meetinstrument, die "Leadership Scale for Sports" (LSS), is ontwikkel deur Chelladurai (1978), (Chelladurai & Saleh, 1980). Hierdie instrument meet 'n verskeidenheid dimensies van leierskapsgedrag, nl. afrigting en instruksiegewing, outokratiese gedrag, demokratiese gedrag, sosiale ondersteuning en beloning (positiewe terugvoer).

Uit navorsing blyk dit dat 'n persoon se persepsie van 'n ander persoon se gedrag,

eerder as die gedrag as sulks, bepalend is vir aksies en gevoelens teenoor die ander persoon (Shaver, 1975; Sherif & Sherif, 1969). Vorige navorsing in dié verband toon ook dat daar 'n groot gaping bestaan tussen afrigters se sienings van hulleself en sportmanne se sienings van hulle afrigters (Danielson, Zelhart & Drake, 1975; Percival, 1971; Smith, Smoll, Hunt, Curtis & Coppel, 1978).

Die multidimensionele model van Chelladurai en Carron (1978) is die enigste model wat resultate van sportnavorsing geïntegreer het. Dit word die multidimensionele model genoem, aangesien sportprestasie en genoegdoening verklaar word aan die hand van leierskapsgedrag en situatiewe faktore soos, situatiewe karakteristieke (grootte, struktuur), leierkarakteristieke (vermoëns, persoonlikheid) en karakteristieke van groepslede (ouderdom, vermoëns en volwassenheid).

Hierdie teorie het die weg gebaan vir beklemtoning van die belangrikheid van die persoonlike verhouding tussen die sportman en die afrigter. Verder word die diversiteit in hierdie verhouding ook duidelik gestel. Die "Coach Evaluation Questionnaire" wat in hierdie studie as meetinstrument gebruik is, bevat heelwat elemente van die multidimensionele teorie waaronder geduld, kommunikasie, taalgebruik, oordeel, strengheid, aandag, aanmoediging, humor, betroubaarheid, aanvaarbaarheid, respek, menslike belangstelling, hoogagting, erkenning.

Indien bogenoemde aspekte (soos dit voorkom in die "Coach Evaluation Questionnaire") van die verhouding vergelyk word met dit wat in die multidimensionele teorie gestel word (insluiting, beheer en affeksie), kan 'n duidelike ooreenkoms waargeneem word.

2.4 KOMPONENTE VAN LEIERSKAP

2.4.1 Kwaliteite van effektiewe leiers

2.4.1.1 Vroeëre studies

Gedurende die 1940's het die belangstelling verskuif na wàt goeie leiers doen en hoé

hulle dit doen. Die fokuspunt was die prestasies van die leier. Die meeste studies het gepoog om, soos wat Likert (1961:32) dit beskryf:

"to determine principles which contribute to the productivity of the group and the satisfaction that the group members derive from their participation".

Veral die studie van Hendry (1968), waar hy persoonlikheidstrekke van afrigters bepaal het, kan hier as 'n belangrike riglyn vir die kwaliteite van goeie leiers beskou word.

Alhoewel daar nie kwaliteite bestaan wat as 'n absolute vereiste vir effektiewe leierskap beskou kan word nie, is daar tog sekere kwaliteite wat kenmerkend is van die meeste suksesvolle afrigters se optrede (Martens, 1987).

2.4.1.2 Oorsig van rugbyskrywers se menings t.o.v leierskapskwaliteite.

Twaalf rugbyafrigtinghandleidings is bestudeer om vas te stel oor watter leierskapskwaliteite rugbyafrigters verkieslik moet beskik. Die resultate van die ondersoek word in Tabel 1 aangebied.

Daaruit blyk dit dat daar onder skrywers eenstemmigheid is dat rugbyafrigters oor die vermoë moet beskik om effektief met hulle spelers te kan kommunikeer. Ander kwaliteite waarna meer as die helfte van die bronne verwys, is onder andere die vermoë van die afrigter om spelers op 'n demokratiese wyse te lei en om in sy speler as mens belang te stel (Tabel 1). Daar word ook 'n hoë premie geplaas op die afrigter se vermoë om spelers te motiveer en op 'n kundige wyse af te rig.

2.4.1.3. Oorsig van navorsing m.b.t. leierskapskwaliteite.

'n Soortgelyke ondersoek is gedoen deur navorsingsartikels waarin onderoek ingestel is na die leierskapskwaliteite van afrigters. Die resultate van twee-en twintig sodanige artikels word in Tabel 2 aangebied.

TABEL 1: KWALITEITE VAN GOEIE LEIERS SOOS DEUR RUGBYSKRYWERS AANGEDUI

SKRYWER	A	B	C	D	E	F	G	H	I
DU TOIT, P.P. (1984)	*	*	*						
EVANS, G., HORGAN, D. & JAMES, G. (1979)	*	*	*	*			*	*	
GREENWOOD, J. (1992)		*	*	*	*	*			
McFARLAND, N. (1984)	*	*	*	*			*		
NEW ZEALAND RUGBY UNION. (1993)	*		*		*	*	*	*	*
POOL, G. (1992)	*		*	*	*				*
ROCKNE, K. (1925)		*	*						
RUGBY FOOTBALL UNION (1982)	*		*		*	*			
RUGBY FOOTBALL UNION (1983)	*	*	*					*	*
RUTHERFORD, D. (1983)			*	*	*	*	*	*	
WALLACE, J. (1976)	*		*		*	*	*		*
WILLIAMS, R. (1976)			*		*			*	
TOTAAL	8	6	12	5	7	5	5	5	4
TOTAAL IN PERSENTASIE (%)	66	50	100	42	58	42	42	42	33

Die simbole verteenwoordig die volgende kwaliteite van die afrigter:

A = Demokrasie

B = Sosiale ondersteuning, empatie en satisfaksie in deelname

C = Positiewe kommunikasie en terugvoer

D = Onderrigvermoë en die ontwikkeling van groepsamehorigheid

E = Stel belang in die individu

F = Motiveerder

G = Kennis

H = Voorbereidheid en dissipline

I = Goeie voorbeeld

TABEL 2: KWALITEITE VAN EFFEKTIEWE LEIERS SOOS DEUR NAVORSERS AANGEDUI

KENNERS	A	B	C	D	E	F	G	H	I
BIRD (1977)	*	*						*	
CARRON & BENNETT (1977)		*		*	*	*			*
CHELLADURAI & CARRON (1983)	*		*	*					
CHELLADURAI & SALEH (1978, 1980)	*	*	*	*					
CRATTY (1983)	*	*							
DANIELSON, ZELHART & DRAKE (1975)	*	*	*	*	*			*	*
DRESSLER (1985)	*	*	*			*	*		
HERSEY & BLANCHARD (1977)		*							
HORN, (1985)			*						
MARTENS (1990)	*	*	*	*	*	*	*	*	*
MARX (1978)	*	*	*			*	*		
McGREGOR (1967)	*	*							
PENMAN, HALSTAD & CORDS (1974)	*								
PERCIVAL (1971)				*	*	*			*
SCHUTZ (1966)	*		*					*	
SMITH ET AL (1983)			*						
SMOLL & SMITH (1979)			*						
STONER (1982)	*	*	*			*	*		
STRAUB (1978)			*		*		*	*	*
SYER (1986)	*		*			*	*	*	*
WEISS & FREDRICKS (1986)		*	*	*					
TOTAAL	13	12	14	7	5	7	6	6	6
TOTAAL IN PERSENTASIE (%):	62	57	67	33	24	33	29	29	29

Die simbole verteenwoordig die volgende kwaliteite van die afrigter:

A = Voorbereidheid en dissipline

B = Demokratiese leierskap

C = Positiewe kommmunikasie en terugvoer

D = Sosiale ondersteuning, empatie en satisfaksie in deelname

E = Motiveerder

F = Goeie voorbeeld

G = Kennis

H = Onderrigvermoë en die ontwikkeling van groepsamehorigheid

I = Stel belang in die individu

Hieruit blyk dit dus dat navorsers basies die klem laat val op positiewe kommunikasie en terugvoer, voorbereidheid en dissipline, en 'n demokratiese benadering in afrigting. Daar bestaan dus 'n duidelike ooreenstemming tussen wat navorsers ondersteun, wat die multidimensionele teorie inkorporeer, en die items wat in die "Coach Evaluation Questionnaire" vervat is.

Indien bogenoemde twee tabelle vergelyk word, kan die eienskappe in volgorde van belangrikheid as volg uiteengesit word:

1. Positiewe kommunikasie en terugvoer (83.5%)
2. Demokrasie (63%)
3. Voorbereidheid en dissipline (50%)
4. Sosiale ondersteuning, empatie en satisfaksie in deelname (43.5%)
5. Stel belang in die individu (41.5%)
6. Onderrigvermoë en die ontwikkeling van groepsamehorigheid (37.5%)
7. Motiveerder (35%)
8. Kennis (33.5%)
9. Stel 'n goeie voorbeeld (32%)

Uit beide tabelle hierbo uiteengesit is die kenmerk waarop navorsers en skrywers die meeste klem lê die afrigter se kommunikasievermoë met spesifieke verwysings na sy vermoë om positiewe en spesifieke terugvoer te kan gee.

Enkele van die vermelde kwaliteite word vervolgens verder belig:

Kommunikasie

Kommunikasie is die basis van 'n produktiewe en effektiewe verhouding tussen die afrigter en die sportman (Campbell, 1985).

Dit is 'n feit dat afrigters probleme sal ondervind met die afrigting van hulle sportlui as hulle nie die in staat is om effektiewe interpersoonlike kontak met die sportlui te maak nie. Afrigters moet nie net hulleself goed ken nie, maar ook hulle spelers (Lanning, 1979).

Om prestasie te optimaliseer (van die individu en die span) moet die afrigter weet hoe om sy span te motiveer, weet wat is hulle leerstyl, weet wat is hulle reaksies op hom, bewus wees van hulle aktiveringsvlakke en nog baie meer. Voordat sportlui as individue behandel kan word, moet die afrigter die individue ken. Afrigters wat hulle sportlui almal op dieselfde wyse hanteer, ignoreer die feit dat verskillende mense die beste reageer op verskillende wyses van hantering (Cronbach & Snow, 1977).

Martens (1990) beweer dat die afrigter nie net betrokke is by die fisiese omgewing van die sportman nie, maar ook by sy psigologiese en sosiale omgewing. Om 'n goeie leier en afrigter te wees moet psigologiese vaardighede ontwikkel word - veral interpersoonlike vaardighede - om mense tot aksie te lei. Kommunikasievaardighede is uiters noodsaaklik..... praat, luister, pleit, argumenteer, onderhandel, aanmoedig, konsulteer. Mag is essensieel om 'n span te beweeg tot bereiking van doelwitte. Leierskap is die wyse gebruik van mag, maar die leier moet eers die respek van sy volgelinge wen om mag te verkry (Martens, 1990).

Kennis

'n Goeie leier het 'n goeie en gespesialiseerde kennis van die spel en bly steeds 'n student van die spel (Massengale, 1975). Verder moet die kennis wat oorgedra word ook aanpas by die individu se vermoë (Greenspan, 1983). Sportlui het aangetoon dat kennis van die sportsoort een van die belangrikste kenmerke is van 'n goeie afrigter (Clark, 1975; Gainter, 1976). Navorsing oor die invloed van die afrigter se gedrag in

jeugsport is gedoen deur Smith & Smoll en hulle venote (Smith, Smoll & Curtis, 1978a, 1979; Smith, Zane, Smoll & Coppel, 1983). Resultate van hulle studies het aangedui dat meer gereelde gebruik van tegniese instruksies, positiewe versterking en versterking in lyn met foutkorrigering 'n positiewe uitwerking het op die spelers se houding teenoor die sport en ook ten opsigte van hulle selfbeeld.

Wankel (1993) beweer dat die afrigter met kennis en vermoë 'n uiters belangrike rol speel by die kweek van 'n positiewe gesindheid by die kind teenoor sportdeelname.

2.4.2 Leierskapstyle

Uit navorsing kan twee baie duidelike tipes leierskapstyle geïdentifiseer word, nl. 'n demokratiese styl en 'n outokratiese styl (Straub, 1978). Baie van die navorsers het aangetoon dat beide van die style vir hulle belangrik is. Wat egter belangrik is, is die besondere situsasies wat die navorsers vir elke styl sou voorstel. Die betrokke situasie en die persone betrokke het 'n bepalende invloed op die aangewese leierskapstyl wat verkies sou word (Chelladurai, 1984; Hersey & Blanchard, 1977; House & Dressler, 1974).

Die situasie-teorie van Fiedler (1967) en House (1971) en die lewensiklus-teorie van Hersey en Banchard (1977) kan hier as riglyn gebruik word. Daar word voorgestel dat leierskapsgedrag, om effektief te wees, moet verander soos wat die volgeling verander. Die volgorde van verandering sal as volg daar uitsien: 1) hoë taak-en lae verhoudings-georiënteerdheid tot 2) hoë taak- en hoë verhoudingsgeoriënteerdheid tot 3) hoë verhoudings- en lae taakgeoriënteerdheid tot 4) lae taak- en lae verhoudingsgeoriënteerdheid.

Daar word verwys na hoë taakgeoriënteerde gedrag as "voorskryf-gedrag", omrede dié tipe leierskapstyl basies eenrigtingkommunikasie veronderstel. Daar word na hoë taak- en hoë verhoudingsgeoriënteerde gedrag verwys as "verkoop-gedrag", omrede die leier in hierdie styl, deur middel van tweerigtingkommunikasie en ondersteunende gedrag poog om die individu of volgeling so te beïnvloed dat hy sal saamstem met die besluit wat geneem word.

Verder word daar na hoë verhoudings- en lae taakgeoriënteerde gedrag verwys as "deelneming", omrede die leier en die volgeling die besluitneming saam doen deur middel van tweerigtingkommmunikasie en fasilitering deur die leier. Laastens word daar na lae verhouding- en lae taakgeoriënteerde gedrag verwys as "deligering". Dit beteken dat die volgeling basies op sy eie kan werk as gevolg van die relatiewe hoë vlak van volwassenheid wat reeds bereik is.

In 'n studie op die afrigters van Engelse sokkerspanne het Cooper & Payne (1972) gevind dat daar 'n hoë korrelasie bestaan tussen die mate van taakgeoriënteerdheid van die afrigter en die sukses van die span.

Boucher (1980:172) vind in sy studie ten opsigte van leierskapstyl die volgende:

"...all leadership styles were perceived as being the most effective at one time or another. This general conclusion supports the major thrust of the contingency leadership theories... A second conclusion was that there were a tendency for the High Task / High Relationship (S2) to be perceived as the most effective regardless of the task-relevant ability level of the subordinates... A third conclusion was that the high relationship styles (S2, S3) were perceived to be more effective than low relationship styles (S1, S4) regardless of the subordinate task-relevant ability".

Chelladurai & Carron (1978) beweer in dié verband dat die situasie teorie van leierskap en leierskapstyl spesifiek relevant mag wees vir studies oor leierskap van die sportafrigter.

2.4.3 Redes vir deelname en redes vir terminering van sportdeelname by kinders

Die kwessie van leierskap en afrigting blyk 'n noue verband te hê met volgehoue deelname van die sportman (Robinson & Carron, 1982). So beweer Smith & Smoll (1990) dat die afrigter-speler-verhouding en interaksie die primêre faktor is wat die belewenis van deelname aan sport by die kind bepaal.

Chelladurai (1984) beweer dat leierskapseffektiwiteit kongruent is aan die voorkeure van sportmanne ten opsigte van deelname en afrigting. Orlick (1974) het ook gevind dat die primêre oorsaak van terminering van sportdeelname by vroeëre deelnemers hulle afrigter was. Dit blyk dus dat sportlui voorkeure het ten opsigte van die wyse waarop hulle afgerig moet word en dat voldoening aan die voorkeure bepalend was vir volgehoue deelname al dan nie.

Talle navorsers (Carron & Chelladurai, 1981; Martens, 1978; Wankel, 1993) vind sterk ondersteuning vir hulle bewerings oor die negatiewe effek wat swak leierskapsgedrag van die afrigter op jong sportdeelnemers het, veral ten opsigte van die mate van genot wat die kinders in kompeterende sport mag ervaar. Hulle vind dat kinders wat ophou met sportdeelname beduidend meer outokrasie van hulle afrigter ervaar het as kinders wat aangehou het met sport.

Indien afrigters meer bewus raak van die reaksies en individuele behoeftes van sportlui sal hulle in staat wees om baie meer effektief leiding te gee ten opsigte van prestasie en die emosionele welstand van hul sportlui (Murray, 1986). Een van die belangrikste redes vir stres onder afrigters is juis die feit dat hulle nie effektiewe interpersoonlike kontak met van hulle sportlui kan maak nie (Kroll, 1981). Met insig, kennis en 'n sensitiwiteit teenoor die individu kan alle afrigters suksesvol wees (Murray, 1986).

2.4.3.1 Die mate van genot en satisfaksie wat ervaar word

Kritici van kompetisiesport beweer dat daar 'n oorbeklemtoning bestaan van die wenaspek, dat beloning verkry uit deelname beperk is tot 'n geselekteerde groep sportmanne en dat afrigters en organiseerders 'n produkgeoriënteerde sisteem geskep het waar die minder talentvolle sportmanne en vroue geïllimineer word (Michener, 1976; Ogilvie, 1979; Orlick, 1973, 1974; Orlick & Botterill, 1975; Sherif, 1969).

Afrigters word geëvalueer aan die hand van die prestasies van hulle spanne. Publieke opinies aangaande 'n afrigter word hoofsaaklik gebou rondom sy wen/verloor-rekord (Lacey, 1986). Sommige deelnemers hou op met die sport wat hulle beoefen het, terwyl ander persone aanhou, dit terwyl beide groepe 'n negatiewe ervaring ten opsigte

van deelname aan die sportsoort het (Robinson & Carron, 1982).

Om gedrag te evalueer is dit belangrik om die siening van Lewin (1935) in ag te neem waar hy beweer dat gedrag die resultaat is van die persoonlike en omgewingsfaktore. Dit kan dus aanvaar word dat die verklaring vir volgehoue deelname opgesluit lê in beide die kompeteerder (persoonlikheidsfaktore) en die milieue (omgewingsfaktor) (Robinson & Carron, 1982).

Deci (1975) beweer dat die behoefte om selfgeldend en kompetent te wees die basis is van intrinsieke motivering. Hierdie intrinsieke dryfveer veroorsaak dat die individu na uitdagende situasies soek waar hy sy kompetensie en vermoë kan ontwikkel. Die resultaat van die gevoel van kompetensie en selfgelding het 'n besonder positiewe effek naamlik, satsisfaksie en genoegdoening.

Satisfaksie kan gedefinieer word as positiewe emosies of 'n positiewe affektiewe staat (Wankel, 1993). Wankel beweer verder dat gedrag intrinsiek gemotiveer word wanneer dit uitgevoer word in die afwesigheid van ekstrinsieke beloning en dit kan slegs gedoen word ter wille van die genot wat dit verskaf. Sommige navorsers het self verder gegaan en karakteristieke van genot gaan identifiseer (Csikszentmihalyi, 1990; Deci, 1975; Harter, 1981). Karakteristieke wat geïdentifiseer is, was onder andere: 'n gevoel van vryheid, gedetermineerdheid, meester van vaardighede en vergelyking van vaardighede en uitdagings. Hieruit blyk dit dat genot een aspek is van 'n multidimensionele konstruksie van intrinsieke motivering (Wankel, 1993). Byna alle onderwysers glo in die belangrikheid van genot by die deelnemers, maar tog is hulle van mening dat so 'n doelwit die doelwit van die sillabus by skole kan teenstaan (Biddle, 1993; Payne & Cooper, 1981).

Wankel (1993) beweer dat genotservaring volgehoue deelname aan sportaktiwiteite mag fasiliteer en sodoende word die positiewe fisieke gevolge daarvan outomaties verkry. Genotservaring mag ook direkte implikasies hê op die fisiese gesondheidstoestand van die sportman, deurdat dit inhiberend inwerk op stres en sodoende positiewe psigologiese gesondheid fasiliteer.

Vanuit 'n psigologiese perspektief moet genot die resultaat wees van deelname, sodat die deelnemer se intrinsieke motivering kan sterker word en sodoende volgehoue deelname verseker. Opvoedkundige filosowe beweer dat genot nie gesien kan word as 'n opvoedkundige doelwit nie, tog kan die kognitiewe nie van die affektiewe aspekte geskei word nie (Biddle, 1993). Payne & Cooper (1981:4) beweer:

"There seems to be a crucial factor which keeps people going, very simply, they continue, because they enjoy what they are doing....find it enjoyable and the other things are all bonuses".

Die vraag wat uit bogenoemde stelling voortvloei, is: "Hoe maak 'n mens deelname of oefening genotvol?" Om vir mense te vertel om 'n aktiwiteit te geniet sal nie noodwendig genot tot gevolg hê nie. Dit kan nie afgedwing word nie. Nee, dit kan eerder gefasiliteer word deur 'n indirekte byprodukbenadering. Die doelwitte wat 'n individu stel, is een van die belangrikste aspekte van die totale belewing van genot (Wankel, 1993).

Afrigters maak dikwels die stelling dat hulle wens dat hulle hulle spelers kan motiveer. Dit, terwyl navorsing in dié verband daarop wys dat ervaring van genot in 'n aktiwiteit essensieel is vir intrinsieke motivering (Biddle, 1993). Harter (1981) beweer dat die suksesvolle uitvoering van optimale en realistiese doelwitte die sportman se interne waarneming van kontrole en kompetensie verhoog en sodoende word intrinsieke genot bevorder. Groter kompetensiemotivering sal lei tot 'n verdere soeke na uitdagings by die individu. Csikszentmihalyi (1975) het waardevolle navorsing gedoen oor genot en sportbeoefening. Wankel (1993) verwys na die werk van Csikszentmihalyi en veronderstel dat die uitdaging vir afrigters en onderwysers daarin lê om die eise van aktiwiteite te laat aanpas by die vermoëns van die individuele deelnemers (Biddle, 1993).

2.4.3.2 Omstandigheidsfaktore

McPherson (1978) beweer dat sport, net soos alle ander vorme van sosiale gedrag, bepaal word deur die individu se interaksie met die omgewing en die intensiteit van

daardie sosiale interaksie. Robinson en Carron (1982) se studie toon aan dat individue wat betrokke is in groepsaktiwiteit meer waarskynlik sal onttrek aan die span as hulle nie erken word, waardeer word of positiewe terugvoer vanaf die omgewing verkry nie.

Beskrywende studies van Gould en Petlichkoff (1988) en Weiss en Petlichkoff (1989) toon aan dat:

* konflik van belange,
* te min deelname (speeltyd),
* te min sukses,
* vrees vir die afkeur van belangrike ander persone,
* kompetisiestres,
* negatiewe afrigtingstyl,
* verveeldheid,
* beserings,

van die vernaamste redes is wat kinders aangevoer het waarom hulle opgehou het met sport.

2.4.3.3. Die invloed van belangrike ander persone

Die ondersteuning van veral die vader van die sportman en die afrigter is bevind as een van die belangrikste faktore wat volgehoue deelname sal bepaal (Greendorfer & Lewko, 1978; Robinson & Carron, 1982). Daar is bevind dat daar 'n beduidende verskil is in die hoeveelheid ondersteuning wat sportlui wat ophou met deelname en sportlui wat volhou met deelname ontvang of ervaar.

Orlick en Botterill (1977) bevind na onderhoude met 8- en 9-jariges dat 75% wat sku is vir deelname aan sport graag sal wil deelneem, maar hulle weerhou as gevolg van:

* vrees vir mislukking,
* vrees vir die afkeur van belangrike ander persone en
* vrees dat hulle nie die span sal haal nie.

Orlick en Botterill (1977) bevind dat die vernaamste rede wat gewese sportlui aanvoer waarom hulle opgehou het om 'n sport te beoefen te doen het met die perfeksionistiese

benadering aan die kant van die ouers en die afrigter.

'n Sentrale tema van Harter (1978, 1981) se kompetensie- motiveringsteorie is juis ook die invloed wat betekenisvolle ander persone in die lewe van die sportman op sy ervaring van kompetensie, affeksie en motivering het.

Belangrike ander persone in die kind se lewe as bepalende faktor vir volgehoue deelname is deur 'n verskeidenheid navorsers beklemtoon (Baytor, 1978; Curtis, Smith & Smoll, 1979; Lewke & Ewing, 1980; Orlick & Botterill, 1975; Roberts, 1980). Roberts (1980) beweer dat ouers, onderwysers, afrigters, broers/susters en eweknieë (maats) bepalende faktore is vir die klem wat kinders op kompetisie sal plaas.

2.4.3.4 Die rol van die afrigter

In aansluiting by Harter (1978) se kompetensie-motiveringsteorie het Horn (1985) ook 'n studie gedoen en gevind dat die afrigter se gedrag 'n groter voorspellende uitwerking het op die ervaring van kompetensie by die spelers as wat werklike vaardigheidsbemeestering het.

Wat belangrik is om te onthou is dat dit nie soseer die afrigter se werklike en waargenome optrede is wat van belang is om motivering by die speler te verklaar nie, maar wel die sportman se persepsie of subjektiewe belewing van die afrigter se gedrag (Horn, 1987; Smoll & Smith, 1989).

Verskeie studies het aangetoon dat sportlui se persepsie van sy afrigter se afrigtingstyl en interaksie in noue verband staan met sy motivering (Chelladurai, 1984; Weiss & Friedrichs, 1986; Westre & Weiss, 1991). Ondanks al bogenoemde inligting is daar relatief min navorsing gedoen oor die invloed van die afrigter op die selfpersepsie en motivering van die sportman. Dit is verrassend, aangesien verskeie publikasies die sentrale rol wat die afrigter in die lewe van die sportman vervul, beklemtoon (Gould, 1988; Martens, 1990).

Relatief min is bekend oor die invloed van die afrigter op die psigologiese ontwikkeling

van die sportman (Black & Weiss, 1992). Ter ondersteuning van navorsing gedoen deur Harter (1978, 1981), Horn (1985), Smith et al (1978b) en Smith et al (1983) vind Black & Weiss (1992), dat sportlui wat positiewe terugvoer van die afrigter kry 'n groter ervaring van sukses, kompetensie, genot, inset, keuses en voorkeur vir optimale uitdaging het en minder druk ervaar. Dit het alles 'n positiewe uitwerking op die intrinsieke motivering van die sportman (Black & Weiss, 1992).

Die emosionele band wat daar tussen die afrigter en die sportman kan ontstaan, kan baie sterk wees (Hornak & Hornak, 1993). Die tyd wat die afrigter en die sportman saam spandeer tydens oefeninge, reise en kompetisies, is baie betekenisvol. Juis daarom dien die afrigter as rolmodel vir sy sportmanne in sy demonstrasie van gepaste gedrag (Anshel, 1990). Op so 'n manier raak hy een van die belangrikste persone in die sportman se lewe en het uiteraard 'n betekenisvolle invloed. Saam met hierdie invloed kom die verantwoordelikheid vir etiese optrede in die onvermydelike slaggate wat in so 'n verhouding opduik (Corey, Corey & Callanan, 1988). Vanweë die mag wat alreeds in die hande van die afrigter geplaas is deur die afrigtingsituasie, staan die sportman in 'n kwesbare posisie ten opsigte van die afrigter (Hornak & Hornak, 1993).

Horn (1985) en Smith & Smoll (1990) beweer dat alle gedrag van die afrigter 'n invloed het op die prestasies van die sportman. Veral kritiek van die afrigter het 'n negatiewe invloed op die sportman se selfbeeld, suksesbelewing, ervaring van kompetensie, inset en genot.

2.4.4 Persepsies van die afrigter

Percival (1971) kom tot die gevolgtrekking dat persepsies wat afrigters van hulself het drasties verskil van die persepsie wat sy sportlui van hom het. Vanaf 1969 to 1971 het Percival gestruktureerde sowel as ongestruktureerde inligting ingesamel van 382 Kanadese sportlui wat 25 sportsoorte verteenwoordig het. Verder het hy ook terugvoer gekry van 66 afrigters ten opsigte van individuele evaluasies van hulleself.

Op 'n tienpuntskaal was daar 'n merkbare verskil tussen sportlui se evaluering van hulle afrigters se vermoëns en afrigters se evaluering van hulle eie vermoëns. Afrigters het

hulleself gemiddeld 'n punt van 7 uit 10 gegee vir hulle kwaliteite as afrigters, terwyl sportmanne op dieselfde skaal die afrigter 'n gemiddelde punt van 4 uit 10 toegeken het.

Om die probleem verder te ontleed het Percival die afrigters en die sportmanne gevra om hulle evaluasies verder op te deel in vier hoofkategorieë nl:

- Persoonlikheid: (behels onder andere sy algemene benadering, sy afrigtingsfilosofie, metodes van optrede en gemoedstoestand).
- Tegnieke en metodes (bv. organisasievermoë, afrigtingsmetodes, taktieke en algemene metode van probleemoplossing).
- Kennis (behels psigologiese en fisiologiese faktore, reëls en regulasies).
- Meganies (behels vaardighede wat vereis word, fundamentele onderrig, praktiese onderrig en bewustheid van vaardigheidstrukture).

Toe die afrigters se evaluering van hulleself en die sportlui, se evaluering van hulle afrigters ten opsigte van bogenoemde kategorieë vergelyk is, het die afrigters weereens nie te goed gevaar nie. Die grootste gaping tussen die afrigters se siening van hulself en die atlete se siening van hulle afrigters het gelê in die persoonlikheidsdimensie.

Uit die totale aantal afrigters het 72% hulleself as 'n positiewe persoonlikheid vir afrigting geëvalueer, terwyl atlete slegs aan 32% dieselfde resultaat toegeken het. Slegs 24% van die 382 sportlui wat in die ondersoek betrokke was, het aan hulle afrigter 'n positiewe status toegeken, terwyl die ander 66% hulle afrigters negatief geëvalueer het (Percival, 1971).

Verder is ook gevind dat sportlui wat individuele sportsoorte beoefen hulle afrigter meer negatief geëvalueer het as sportmanne wat spansportsoorte beoefen het. Hierdie verskynsel kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat daar in spansportsoorte meer staat gemaak word op die ondersteuning van spanmaats indien die afrigter tekort skiet aan die nodige ondersteuning (Percival, 1971).

Horne & Carron (1985) vind betekenisvolle verskille tussen afrigters se evaluering van

hulself en spelers se evaluering van hulle afrigter ten opsigte van oefeningeffektiwiteit, demokratiese gedrag, sosiale ondersteuning en beloning. In alle gevalle het afrigters hulself meer positief geëvalueer as wat die spelers hulle ervaar het. Hierdie resultate word ondersteun deur die studies van Danielson et al. (1975), Percival (1976) en Smith et al. (1978).

Cratty (1981) beweer dat die sportman se persepsie van die ideale afrigter sal afhang van die tipe sport wat beoefen word en die behoeftes van die sportman.

Horne en Carron (1985) vind dat die beste voorspeller van die mate van satisfaksie wat die sportman sal ervaar ten opsigte van die afrigter se leierskap lê in die gaping wat daar bestaan tussen die sportman se belewing en voorkeur ten opsigte van oefening. Hierdie resultate word ondersteun deur Scholten (1978) en Chelladuarai (1984).

2.4.4.1 Sportlui se persepsies van hulle afrigter se effektiwiteit

'n Saak waarmee min afrigters bekend is, is die gaping tussen die afrigter se persepsie van homself en die speler se persepsie van hom as afrigter. Hierdie gaping sal 'n bepalende rol speel in die sukses van die afrigter (Black & Weiss, 1992).

Horne & Carron (1985) vind dat daar betekenisvolle verskille bestaan tussen sportlui se persepsie van hulle afrigters met betrekking tot oefening, demokratiese gedrag, sosiale ondersteuning en beloning en afrigters se siening van hulle eie optrede in hierdie verband. In alle gevalle het afrigters hulself meer positief geëvalueer as wat die sportmanne hulle ervaar het. Hierdie resultate word ook ondersteun deur studies gedoen deur Danielson et al. (1975), Percival (1976) en Smith et al. (1978).

'n Belangrike punt wat dus uitgewys word in Horne en Carron (1985) se studie is die gaping tussen die sportman se belewenis en sy voorkeur ten opsigte van belonende gedrag by die afrigter. Die resultaat dui daarop dat spelers minder beloning van hulle afrigters ontvang as wat hulle sou verkies. Indien hierdie gedrag meer voorkom, is verenigbaarheid tussen speler en afrigter 'n groter waarskynlikheid (Horne & Carron, 1985). Hierdie negatiewe ervaring van die speler ten opsigte van die afrigter word ook

ondersteun deur die studies van Scholten (1978) en Chelladurai (1984).

2.4.5. Voorkeure van sportlui met betrekking tot leierskap

Horn (1987) beweer dat die keuse van sportmanne se voorkeure beïnvloed sal word deur spesifieke karakteristieke van:

a) die sportman: ouderdom, geslag, vaardigheid, psigologiese rypheid (ondersteun deur Hersey & Blanchard, 1977), nasionaliteit en spesifieke sportsoort, en

b) tipe situasie: die mate van vaardigheid wat vereis word, die belangrikheid van besluite wat geneem moet word, die inligting beskikbaar, die mate van groepsamehorigheid, die teenwoordigheid van tydsbeperkinge in die beluite wat geneem word.

House & Dressler (1974) lê ook baie klem op die tipe situasie wat die voorkeur van die sportman sal beïnvloed.

Cratty (1984) vind in sy studie dat sportlui verkies om afgerig te word deur 'n persoon wat daartoe in staat is (kompetent is), wat nie onverstaanbare terminologieë in sy afrigting gebruik nie, wat ewe goed met begaafde en met minder begaafde sportlui oor die weg kom, wat nie sarkasties is nie, wat georganiseerde oefensessies aanbied en wat beskik oor 'n goeie tegniese kennis. Tipiese kenmerke van die ideale afrigter is:

* motiveerder,
* probleemoplosser,
* ontwikkel 'n spangees,
* sosiale verteenwoordiger (met die pers),
* kommunikeerder,
* demokraties,
* entoesiasties.

Aan die negatiewe kant het hulle 'n afkeer getoon in 'n persoon wat sy humeur verloor,

wat tè opgewonde begin raak, wat onvolwasse optree en wat gedurig die prestasies van die span vir homself toe-eien. 'n Sarkastiese afrigter word baie negatief deur die spelers ervaar (Cratty, 1984).

Chelladurai (1984), ondersteun deur Carron (1980), beweer in dié verband dat die positiewe resultaat van afrigting (prestasie en satisfaksie) sal afhang van die mate van kongruensie wat daar bestaan tussen die :

* leierskap wat die situasie vereis,
* voorkeure van die sportlui en
* optimale prestasie en genoegdoening.

Chelladurai (1978) veronderstel dat die vereistes van die situasie bepalend is vir die tipe leierskap wat vereis word.

In ooreenstemming met navorsing gedoen deur Harter (1978, 1981), Horn (1985), Smith et al. (1978a, 1979) vind Black & Weiss (1992) dat:

a) sportlui wat ervaar dat hulle afrigter meer gereelde beloning, inligting, of inligting gepaardgaande met beloning gee na korrekte gedrag, 'n groter ervaring van sukses, kompetensie, genot, inset, keuses en voorkeur vir optimale uitdaging ervaar en minder druk ervaar en

b) sportlui wat ervaar dat hulle afrigter meer gereelde ondersteuning, korrigerende inligting of ondersteuning gekombineer met inligting gee op foute wat gemaak word 'n groter ervaring van sukses, kompetensie, genot, inset, keuse, voorkeur vir optimale uitdaging en minder druk het.

Dit alles lei tot hoër vlakke van waargenome sukses, kompetensie, uitdaging, genot en inset. Veral die belangrikheid van spesifieke informasie word beklemtoon waar positiewe terugvoer gegee word, omdat beweer word dat die sportman se aandag tydens negatiewe terugvoer gefokus is op die kritiek en tydens positiewe terugvoer op die inligting wat gegee word (Black & Weiss, 1992).

2.5 SAMEVATTING

Leierskap van die afrigter is 'n aspek wat baie aandag moet geniet. Die belangrikheid van korrekte leierskap vir die sportman kan nie genoeg beklemtoon word nie. Verskeie aspekte van leierskap kan uitgelig word, maar die belangrikste van alles is in die eerste plek die afrigter se vermoë om effektief te kan kommunikeer en tweedens die kennis wat die afrigter oor die sportsoort moet hê. Deur effektiewe kommunikasie sal die afrigter verseker dat die mens waarmee hy werk, respek vir hom sal hê en die persoon sal voel dat hy as sportman en as mens 'n sukses, in plaas van 'n mislukking is. Die belangrikheid van kennis spreek vanself.

In die voorafgaande literatuuroorsig waarin hoofsaaklik aandag geskenk is aan die kwaliteite van goeie leiers en die vereistes wat daar aan leiers gestel word, staan een aspek nog duidelik na vore.

Daar kan nie 'n spesifieke manier van afrigting ontwikkel word en daarna verwys word as die "ideale afrigtingstyl" nie. Dit omrede elke afrigter 'n unieke mens is met unieke kenmerke en elke sportman is op sy / haar beurt weer iemand uniek met eiesoortige behoeftes en begeertes.

Daar kan wel algemene riglyne gegee word soos wat dit oor die jare heen ontwikkel en geïdentifiseer is as noodsaaklikhede in die mondering van enige afrigter. Voldoening aan die behoeftes en begeertes van die individue waarmee die afrigter werk sal egter altyd die bepalende faktor wees om sy effektiwiteit as afrigter te bepaal.

Die oplossing lê dus daarin om die afrigter se gedrag te verander na gelang van die behoeftes van sy deelnemers.

HOOFSTUK 3

METODE VAN ONDERSOEK

3.1 INLEIDING

Leierskap in sport speel 'n uiters belangrike rol in prestasie en genot wat die individu ervaar. Gebrek aan effektiewe leierskap kan veroorsaak dat die individu sy deelname aan sport staak (McPherson, 1978; Orlick & Botterill, 1977).

Trouens, in die voorafgaande bestudering van literatuur word die belangrikheid van die rol van die afrigter by die sportman duidelik uitgewys. Met dié ondersoek word gepoog om die effektiwiteit van die hoërskool Cravenweekrugbyafrigter te bepaal.

3.2 PROEFPERSONE

3.2.1 Keuse van die spelers

Aanvanklik is rugbyafrigters van verskillende vlakke van deelname as proefgroep oorweeg. Uiteindelik het praktiese oorwegings veroorsaak dat daar op hoërskool rugbyafrigters besluit is. Die vraag oor watter hoërskole om te kies het egter 'n probleem opgelewer. Die proefgroep moes verteenwoordigend wees van al die hoërskool rugbyspelers in Suid-Afrika. Dan moes ander faktore soos die beskikbaarheid van vraelyste en die koste daaraan verbonde in gedagte gehou word. Die uitstuur van die vraelyste was 'n verdere probleem, omdat daar geen versekering is dat die afrigter van die verskillende spanne wel die vraelys aan die spelers sal besorg nie.

Uiteindelik is daar besluit op die room van die Suid- Afrikaanse hoërskoolrugbyspelers, naamlik die spelers wat elke provinsie op die nasionale Cravenweek verteenwoordig. Die keuse van die proefgroep het sekere administratiewe probleme vergemaklik, omrede die programgids van die Cravenweek al die nodige inligting omtrent die spelers

bevat het wat nodig was vir die ondersoek. Dit het ingesluit die hoërskool waar die betrokke speler vandaan kom, die stad of dorp waar die skool geleë is en die speler se noemnaam en van.

Die spelers was verteenwoordigend van 22 provinsiale spanne dwarsoor Suid-Afrika. In totaal was daar 440 spelers op die program aangedui wat almal in die ondersoek betrek is.

3.2.2 Keuse van die afrigters wat geëvalueer moet word

Die moontlikheid het bestaan dat daar van al die verteenwoordigende skole se afrigters 'n evaluering gemaak kon word. Na oorweging is daar egter besluit dat die spelers hulle afrigter van die provinsiale span wat aan die Cravenweek deelneem moet evalueer. Daar is so besluit omrede daar nie ewe veel spelers van elke skool in elke provinsiale span verteenwoordig is nie. Daarom sou die rol van subjektiewe oordeel verhoog word indien daar byvoorbeeld slegs een speler van 'n verteenwoordigende skool in so 'n provisiale span verteenwoordig is.

Eerstens kan veronderstel word dat die Cravenweekrugbyafrigters die topafrigters op hoërskool-vlak behoort te wees. Tweedens word die mate van objektiwiteit verhoog deurdat daar gebruik gemaak word van maksimum twintig spelers se mening van hulle afrigter. 'n Minimum wat sal afhang van die respons van die spelers.

3.3 MEETINSTRUMENT

3.3.1 Keuse van die vraelys

In die ondersoek is gebruik gemaak van die "Coach Evaluation Questionnaire". Die vraelys is ontwikkel deur Wiznuk in haar M.Sc.- verhandeling in 1984 (Wiznuk, 1984). Dit is by die Lakehead Universiteit in 1985 gepubliseer deur Rushall en Wiznuk. Verklarings oor die prosedure van ontwikkeling van die vraelys, asook die statistiese metodes word in die artikel beskryf (Rushall & Wiznuk, 1985).

Daar is besluit op dié vraelys omdat dit aan die spesifieke doel van die studie voldoen, naamlik om die effektiwiteit van die afrigter te bepaal na aanleiding van die oordeel van sy spelers.

3.3.2 Geldigheid en betroubaarheid van die vraelys

Tot op datum was dit die enigste betroubare en geldige meetinstrument wat ontwikkel is. Betroubaarheid van die vraelys is bepaal deur gebruik te maak van die toets-hertoetsmetode. Veertig atlete van vyf verskillende sportsoorte het vraelyste ontvang met 'n twee dae tussenpose. Die vraelys het op daardie stadium bestaan uit 71 items. Elke meting is onder gestandaardiseerde omstandighede gedoen.

Enige gaping wat bestaan het tussen die toets-hertoetsresultate, het gesorg dat die betrokke vraag in die vraelys, daaruit verwyder word ('n r-waarde van kleiner as 0.80 was as afsnypunt gebruik vir die eliminering van 'n vraag). Hierdie siftingsproses het daartoe gelei dat daar slegs 36 items in die vraelys oorgebly het wat as geldig, betroubaar en gestandaardiseerd beskou kon word.

Die vraelys word voorsien met 'n antwoordblad wat voorsiening maak vir die evaluasie van die 36 items (Bylae A). Die inhoudsgeldigheid van die vraelys is ook getoets deur 'n paneel kundiges en word as hoog beskou. Die verstaanbaarheid of leesbaarheid van die vraelys is ook in ag geneem met die opstel daarvan en daar kan aanvaar word dat kinders, 10 jaar en ouer, die vraelys met gemak sal kan verstaan en beantwoord.

In sy finale vorm het die vraelys bestaan uit 36 items wat geldig, betroubaar en gestandaardiseerd is. Verder is dit spesifiek en het ook eerlike en akkurate beoordeling onder sportmanne uitgelok (Rushall en Wiznuk,1985).

Hierdie toets is in staat om onmiddellike terugvoer te verskaf aangaande 'n sportman se persepsie van sy afrigter se effektiwiteit. Die response op die vraelys verskaf aan die afrigter 'n aanduiding van die hoeveelheid van positiewe karakteristieke van 'n goeie afrigter wat in hom/haar aanwesig is. Verder verskaf die vraelys 'n totale puntetelling wat na 'n persentasie uit 100 verwerk word om vir die afrigter 'n aanduiding te gee van

waar hy/sy staan ten opsigte van die "ideale" afrigter.

3.3.3 Gebruikswaarde van die vraelys

Die gebruikswaarde van die vraelys is hoog. Die afrigter kan byvoorbeeld elkeen van sy atlete se evaluering van hom as afrigter bestudeer om sy algemene aanvaarbaarheid onder hulle te bepaal.

Verder kan hy ook die gemiddelde tellings op sekere items bereken om sodoende leemtes in sy mondering te bepaal. Die evaluasie kan dus op 'n een-tot-een-basis geskied. Die totale telling van die individu gee vir die afrigter 'n aanduiding van sy posisie onder die atlete. Hoe hoër sy telling uit 180 hoe meer positief blyk sy evaluering te wees.

Itemtellings sal dan aanduidend wees van sterkpunte en gebreke in sy/haar mondering. 'n Baie lae telling in 'n bepaalde item sal daarop dui dat daar aan die spesifieke saak aandag gegee sal moet word. Veral in spansportsoorte kan sekere leemtes baie maklik raakgesien word in die vorm van uitskietergevalle.

Weens die universaliteit van die vraelys kan afrigters van verskillende sportsoorte ook baie maklik met mekaar vergelyk word.

3.3.4 Wat meet die "Coach Evaluation Questionnaire"?

Die gebruik van die "Coach Evaluation Questionnaire" is daarop gemik om sterkpunte en gebreke in 'n afrigter se mondering te bepaal deur gebruik te maak van die spelers se evaluasie ten opsigte van sekere aspekte van sy afrigting.

Die vraelys bestaan uit 36 items of vrae rakende die afrigter se persoonlikheid en sekere aspekte rakende sy afrigtingstyl. Op 'n glyskaal van 0 tot 5 word die afrigter dan 'n punt op elke item toegeken. 'n Punt van 5 veronderstel dat die afrigter baie effektief geëvalueer word in die betrokke aspek, terwyl 'n punt van 1 beteken dat die spesifieke gedrag nooit deur die afrigter geopenbaar word nie. Volgens Rushall en Wiznuk (1985)

kan dit dan geïnterpreteer word as swak. Slegs by item vier (4) word hierdie interpretasie omgeruil.

Op die analiseblad wat deur die rekenaarprogram uitgedruk word, is daar vir elke item 'n berekende waarde ("score"). Hierdie punt verteenwoordig die gemiddelde telling wat aan die betrokke afrigter toegeken is vir daardie spesifieke item deur al sy spelers. Die norm wat gebruik word by die interpretering van hierdie waarde word deur die opsteller van die vraelys bespreek onder punt 3.3.6 (Rushall & Wiznuk, 1985).

Na aanleiding van die belangrikste elemente van leierskap, soos geïdentifiseer uit die literatuuroorsig, kan oorhoofse leierskapskwaliteite uitgelig word soos getoets deur die CEQ:

- Positiewe benadering, motivering en doelwitstelling: Items 1, 6, 10, 22, 29, 32
- Stel 'n goeie voorbeeld: Items 5, 11, 19, 20, 21
- Dissipline: Items 8, 25, 36
- Interpersoonlike verhoudinge: Items 2, 7, 9, 13, 14, 15, 16, 17, 23, 26
- Kommunikasievermoë: Items 3, 4, 12, 18, 28, 31
- Onderrigvermoë: Items 24, 27, 30, 33, 34, 35

3.3.5 Verwerking van die resultate:

Die resultate van die vraelys kan met die hand verwerk word of met behulp van die rekenaarprogram wat die "Sport Psychology Consultation System" vergesel (Sport Science Associates, 1990). In hierdie ondersoek is gebruik gemaak van die genoemde rekenaarprogram om die data te verwerk.

3.3.6 Interpretasie van die resultate

Vir gebruik en interpretasie van die resultate het die ontwerper van die "Coach Evaluation Questionnaire" die volgende algemene reëls voorgestel:

- As die telling in 'n sekere item minder is as 4, maar meer as 3, moet die afrigter daardie spesifieke gedrag sien as verbeterbaar. Dit is dus belangrik dat die afrigter sal werk maak daarvan om daardie spesifieke gedrag meer dikwels te

openbaar.

- As die telling in 'n sekere item minder is as 3 moet die afrigter dit as 'n baie duidelike swakpunt in sy mondering sien. Daar kan self na raad gevra word oor metodes om daardie spesifieke gedrag te verbeter. Die afrigter sal dus baie moet konsentreer op daardie betrokke aspek van sy mondering.
- Indien enige item 'n telling van 0 behaal (dit is as al die spelers die item as "not appropriate" gemerk het), kan die afrigter aanvaar dat hy geensins die gedrag in daardie betrokke item openbaar nie.

Die totale telling varieer tussen 0 en 180. Dit word bereik deur bloot al die itemtellings by mekaar te tel. Daar is tot op datum nog geen vaste norme gestel vir die interpretering van die totale telling nie. Die betekenisvolheid daarvan vir die afrigter kan dus bevraagteken word. Dit is makliker verstaanbaar wanneer die totale telling omgeskakel word na 'n persentasie.

Heel onder aan die analiseblad is daar 'n telling uit honderd (100). Dit kan beskou word as die persentasie wat die afrigter behaal vir sy afrigting ten opsigte van die items wat in die vraelys ingesluit word. Tot op datum is daar nog geen vaste norms ontwikkel nie, maar op aanbeveling van die opsteller van die vraelys (Rushall & Wiznuk, 1985) kan die punt as volg geïnterpreteer word:

- **Punt groter as 80:**

Hierdie afrigter behaal 'n "A"- gradering vir sy afrigting. Hier sal bloot klem gelê word op sekere uitskieteritems waaraan die afrigter kan aandag gee.

- **Punt tussen 70 en 80:**

Hierdie afrigter behaal 'n "B"-gradering vir sy afrigting. Hierdie afrigter moet kyk na die totale beeld van sy afrigting, asook na spesifieke items soos deur die vraelys geïdentifiseer.

- **Punt tussen 60 en 70:**

Hier is 'n duidelike leemte in die afrigter se afrigtingstyl of afrigtingsmetodes. Die afrigter sal moet werk aan sy afrigtingstyl en persoonlikheid om sy effektiwiteit te verbeter. Individuele itemtellings sal ook aanduiders wees van spesifieke leemtes.

- **Punt kleiner as 60:**

Hier sal 'n spesifieke situasie-analise gedoen moet word en die afrigter sal aan 'n program onderwerp moet word om totale gedrags- en afrigtingstylveranderinge teweeg te bring.

Omdat die items van die "Coach Evaluation Questionnaire" aanduidend is van goeie gedrag wat by afrigters teenwoordig is, onafhanklik van die sportsoort wat afgerig word, kan afrigters van verskillende sportsoorte ook baie maklik met mekaar vergelyk word. Dit laat ruimte vir vergelykende studies in die toekoms.

3.4 TOETSPROSEDURE

Nadat die vraelys bekom is, is die vraelys sowel as die antwoordblad gedupliseer. Daar was 440 spelers op die 1992 Cravenweek teenwoordig. Uit die program van die Cravenweek is die verteenwoordigende hoërskole geïdentifiseer, asook die spelers wat uit elke betrokke hoërskool gekies is om die betrokke provinsie te verteenwoordig.

